

'N GIS ONDERSOEK NA DIE KULTUURTOERISME-  
POTENSIAAL VAN MECHELEN, BELGIË EN DIE ROL VAN  
KULTURELE TOERISME IN STEDELIKE HERNUWING

Jennifer Joan McKechnie

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir  
die graad van MAGISTER



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

Studieleier: Dr. P. H. de Necker

Maart 2000

## **Verklaring**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening :

Datum :

## Opsomming

Toerisme is 'n wêreldwye groei-industrie. Omdat groot stede die belangrikste toerisme-bestemmings is, geniet hulle baie aandag in toerisme-studies. Die historiese erfenis van stede word toenemend as hulpbron vir die ontwikkeling van kulturele toerisme ondersoek omdat dit as 'n hefboom vir die bevordering van die stedelike ekonomie kan dien. Daarbenewens is daar talle moontlikhede vir ontginning, omdat die kulturele toerisme-produk gekenmerk word deur aanpasbaarheid, buigsaamheid en 'n wyd omvattende aard.

Die ontwikkeling van die historiese erfenis van toeriste-aantreklikhede word veral in Europa waargeneem. Die meeste Europese stede is ryk aan historiese erfenis en unieke kulturele aktiwiteite wat gebruik kan word om besoekers te trek.

In dié studie word die geografiese inligtingstelsel (GIS) programme TransCAD, ArcView en ARC/INFO ingespan om die kulturele toerismepotensiaal van Mechelen, België, te ondersoek. GIS is besonder geskik vir die doen van ruimtelike analises in toerismestudies.

Daar is van die uitgangspunt uitgegaan dat twee faktore die toerismepotensiaal van historiese geboue beïnvloed, naamlik ligging en funksie. Wat die morfologiese ligging betref, word gekyk na die groepering van historiese geboue rondom sekere vooraf geselekteerde beeldbepalergeboue. In die funksionaliteitsanalises word daar gelet op die huidige funksies van die individuele historiese geboue en die aantreklikheid van die onderskeie funksies vir toeriste.

Deur gelyktydig na dié twee faktore te kyk, is afleidings gemaak oor die toerismepotensiaal van die individuele historiese geboue. Gebiede met 'n hoë potensiaal vir ontwikkeling is geïdentifiseer. Die identifisering van gebiede wat meer gunstig vir toerisme-ontwikkeling is, dra by tot beter ontwikkelingsbeplanning en volhoubare ontwikkeling. Geteikende ontwikkeling maak die stad meer aantreklik vir besoekers en dra daartoe by dat

die inwoners van die stad optimaal voordeel kan trek uit die besoekende toeriste. Goed beplande, geteikende ontwikkeling vergroot ook die bydrae wat kulturele toerisme in die stimulering van die stad se ekonomie kan speel.

## Summary

Tourism is a global growth industry. Large cities are prominent tourist destinations and are therefore the focus of tourism studies. Because cultural tourism can act as a lever for the urban economy, cities are increasingly investigating historical heritage as a resource in developing cultural tourism. Furthermore, many opportunities for development exist as these tourism products are characterised by adaptability, flexibility and a wide-ranging nature.

Development of the historical heritage of tourist attractions is especially noted in Europe. The rich historical heritage and unique cultural activities of these cities can be used to attract visitors.

This study utilises the geographical information system (GIS) programmes TransCAD, ArcView and ARC/INFO to investigate the cultural tourism potential of Mechelen in Belgium. GIS is particularly well suited for spatial analyses in tourism studies.

It was assumed that two factors - location and function - will influence the tourism potential of historical buildings. In investigating the morphological location of buildings, the grouping of buildings around pre-selected marker buildings in Mechelen was considered. Functional analyses considered the current function of historical buildings and the attractiveness of the respective functions to tourists.

Concurrent analyses of these two factors resulted in deductions regarding the tourism potential of the individual historical buildings. Furthermore, areas with high development potential were identified. The identification of such areas contributes to effective development planning and sustainable development. By targeting development visitors are attracted which supports optimal utilisation of tourist resources by residents. Well planned, targeted development thus increases the contribution that cultural tourism can make towards the urban economy.

## Bedankings

Hiermee my opregte dank aan die volgende persone en instansies:

- Dr P de Necker en Prof M Jansen-Verbeke vir hul organisasie van die uitruilskema wat die geleentheid geskep het om hierdie navorsing in België te kon doen, asook vir hulle hulp en leiding deurentyd
- Die finansiële bystand van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) word hiermee erken. Opinies uitgespreek en gevolgtrekkings gemaak is die van die skrywer en weerspieël nie noodwendig die van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling nie.
- Die personeel van die Instituut voor Sociale en Economische Geografie aan die Katholieke Universiteit Leuven vir hul hulpvaardigheid en vriendelikheid
- Mnr S Vandersande vir die verwelkomingstoer deur Mechelen en vir die toestaan van 'n onderhoud
- Mev. Joan Steel vir die taalversorging
- Emile vir sy ondersteuning, hulp en raad ver van die huis af
- Maré vir al sy liefde, geduld en ondersteuning
- My ouers vir hulle insette van kapitaal, liefde, ondersteuning en aanmoediging deur jare van studie wat hierdie tesis vooraf gegaan het.

## **Sleutelwoorde**

Erfenis-toerisme  
Geografiese inligtingstelsels  
Groepering (geboue)  
Historiese erfenis  
Kulturele toerisme  
Stedelike hernuwing  
Stedelike toerisme  
Toerisme  
Toerisme-hulpbronne  
Toerisme-produkte

## **Keywords**

Clustering  
Cultural tourism  
Geographical information systems  
Heritage tourism  
Historical heritage  
Tourism  
Tourism products  
Tourism resources  
Urban tourism  
Urban revitalisation

## Inhoudsopgawe

Verklaring	i
Opsomming	ii
Summary	iv
Bedankings	v
Sleutelwoorde/Keywords	vi
Lys van Figure	ix
Lys van Tabelle	xi
1. KULTURELE TOERISME - 'N AANBOD OP 'N VRAAG	1
<b>1.1 Die interaksie tussen toerisme en kultuur</b>	1
<b>1.2 Kulturele toerisme in die stad</b>	3
<b>1.3 Erfenis en toerisme - twee hande was mekaar</b>	5
<b>1.4 Die rol van toerisme, kultuur en erfenis in stedelike hernuwing</b>	6
<b>1.5 Kultuurtoerisme in Mechelen - probleemstelling en navorsingsdoelwitte</b>	7
<b>1.6 Navorsingsraamwerk en oorsigagenda</b>	10
2. DATA-INSAMELING EN -VERWERKING	12
<b>2.1 Data-insameling</b>	12
<b>2.2 Data-verwerking</b>	13
3. KULTURELE TOERISME IN MECHELEN	21
<b>3.1 Oorsig: 'n stad met 'n verlede wat erfenis skep</b>	21
<b>3.2 Die kultuurtoerisme-aanbod</b>	22
3.2.1 Attraksies	23
<i>Monumente</i>	23
<i>Museums</i>	27
<i>Roetes</i>	28
3.2.2 Kulturele aktiwiteite	29
<b>3.3 Die toerisme-potensiaal van historiese geboue</b>	30
3.3.1 Morfologiese ligging van historiese geboue	33
3.3.2 Funksionaliteit van geboue	38



3.3.3 Saamgestelde indeks van toerisme-potensiaal	45
<b>3.4 Die potensiaal van Mechelen as 'n kultuurtoerisme-bestemming</b>	<b>51</b>
<b>4. KULTURELE TOERISME - 'N INSTRUMENT VIR STEDELIKE HERNUWING</b>	<b>55</b>
<b>4.1 Toerisme as hefboom vir die stedelike ekonomie</b>	<b>55</b>
<b>4.2 Die rol van kulturele toerisme in Mechelen se stadseconomie</b>	<b>58</b>
<b>4.3 'n Toekomsblik op kulturele toerisme in Mechelen</b>	<b>60</b>
<b>5. SLOT</b>	<b>63</b>
<b>5.1 Samevatting en gevolgtrekkings</b>	<b>63</b>
<b>5.2 Navorsingsuitdagings vir die toekoms – Suid-Afrika as fokus</b>	<b>65</b>
<b>6. BRONNELYS</b>	<b>67</b>

## Lys van Figure

Figuur 1	Ligging van België in Europa en ligging van Mechelen in België	9
Figuur 2	Studiegebied: Die Ring van Mechelen binne stad Mechelen	10
Figuur 3	Navorsingsraamwerk vir die ondersoek van toerisme-potensiaal in Mechelen	11
Figuur 4	Toerisme-potensiaal van historiese geboue: Morfologiese en funksionele dimensies	17
Figuur 5	Ligging van alle historiese en beskermdde geboue in die Ring van Mechelen	24
Figuur 6	Ligging van historiese kerke in die Ring van Mechelen	25
Figuur 7	Pleknaam-oriënteringskaart van Mechelen, België	26
Figuur 8	Ligging van museums in die Ring van Mechelen	28
Figuur 9	Wandelroetes in die Ring van Mechelen	29
Figuur 10	Ligging van merkgeboue in die Ring van Mechelen	33
Figuur 11	Groeperings van historiese geboue in 100m-sones rondom merkgeboue	35
Figuur 12	Morfologiese potensiaal van historiese geboue in Mechelen	36
Figuur 13	Skematiese voorstelling van gebougroeperings volgens morfologiese potensiaal van individuele historiese geboue	37
Figuur 14	Funksionele samestelling van alle historiese geboue in die Ring van Mechelen	39
Figuur 15	Funksionele samestelling van historiese geboue in Mechelen volgens kategorieë van toeriste-aantreklikheid	41
Figuur 16	Funksionele potensiaal van historiese geboue in Mechelen	42
Figuur 17	Funksiesamestelling van geboue in Mechelen met 'n sekondêre funksie	43
Figuur 18	Ligging van Mechelen se winkelstrate	44
Figuur 19	Funksies van historiese geboue in Mechelen in die 100m-sones rondom merkgeboue	46
Figuur 20	Potensiaal-indeks van historiese geboue in Mechelen	50

Figuur 21	Mechelen se toeganklikheid ten opsigte van pad- en spoorvervoer. Inlas: Mechelen se posisie ten opsigte van buurstede in Vlaandere	52
Figuur 22	Beplande ontwikkelings in die Ring van Mechelen	61

**Lys van Tabele**

Tabel 1	Stedelike toerisme-produkte	4
Tabel 2	Gewigte toegeken aan die onderskeie funksies van historiese geboue	17
Tabel 3	Samevatting van data-benodigdhede, data-bronne, data-insameling en data-verwerking oor historiese geboue in Mechelen	20
Tabel 4	Algemene tipologie van kulturele toerisme-hulpbronne in België	23
Tabel 5	Merkgeboue in Mechelen se binnestad	32
Tabel 6	Funksiekategorieë van historiese geboue in Mechelen	39
Tabel 7	Verdeling van historiese geboufunksies binne die Ring van Mechelen	46

## 1. KULTURELE TOERISME - 'N AANBOD OP 'N VRAAG

Toerisme is wêreldwyd 'n groei-industrie met ekonomiese, sosiale, kulturele en omgewingsimpakte op internasionale, nasionale en plaaslike vlak. Verwysings na kultuur word toenemend in die toerisme-literatuur gevind en die kontekste waarbinne dit gebruik word is dié van alternatiewe toerisme-produkte, wedersydse voordeel en stedelike hernuwing.

### 1.1 Die interaksie tussen toerisme en kultuur

Vanweë die invloedryke aard van toerisme is dit nodig om te weet wat hierdie term presies behels. Die begrip "toerisme" is omvattend en daar bestaan verskeie definisies. Die definisie wat egter aanvaar word, is dié van die Wêreldtoerisme-organisasie (WTO). Volgens hulle definisie behels toerisme die volgende: "The activities of persons during their travel and stay in a place outside their usual place of residence, for a continuous period of less than one year, for leisure, business or other purpose" (Richards, 1996 p. 20).

In hierdie groeiende industrie is daar voortdurend 'n behoefte aan alternatiewe en nuwe toerisme-produkte (Jansen-Verbeke, 1994). Een aspek wat toenemend aandag in die toerisme-industrie geniet, is die ontwikkeling van kultuur tot 'n toerisme-produk. Volgens Clarke (1990) is *kultuur die prosesse waardeur mense in 'n spesifieke samelewing sin uitmaak van hulself en hul lewe*. In hierdie prosesse word artefakte en lewenswyses wat deel word van 'n samelewing se kultuur en geskiedenis, gegeneer. Deur toerisme word hierdie kulturele proses getransformeer in kulturele produkte.

Sedert die negentigerjare is daar wêreldwyd 'n groeiende belangstelling in wat genoem word "kulturele toerisme" (Waitt & McGuirk, 1997). Definisies van hierdie verskynsel ontbreek in die literatuur of is vaag. Definiëring word verder bemoeilik deur die verskeidenheid "produkte" wat onder kulturele toerisme bemark word. Hulpbronne wat as kulturele produkte genoem word, is geskiedenis, argitektuur, lewenswyses, behuising, kleding, voedsel, godsdienste, handewerk, landskappe, tradisionele nedersettingspatrone en maniere van vervoer (Jansen-Verbeke, 1994). Dié die omvattende aard van kulturele toerisme bemoeilik die definiëring van hierdie

begrip. ATLAS (The European Association for Tourism and Leisure Education) in 1992 vorendag gekom met twee definisies wat algemeen aanvaar word. Die eerste is 'n breë, konseptuele definisie: "The movement of persons to cultural attractions away from their normal place of residence, with the intention to gather new information and experiences to satisfy their cultural needs". Die tweede is nouer en meer tegnies van aard: "All movements of persons to specific cultural attractions such as heritage sites, artistic and cultural manifestations, arts and drama outside their normal place of residence" (Richards, 1996 p.23). Heel eenvoudig gestel, kan kulturele toerisme beskou word as die verskynsel waar kulturele, historiese en etniese komponente van 'n samelewing ingespan word om toeriste te trek (Jansen-Verbeke, 1994).

'n Toename in die getal toeriste met kulturele motiewe is 'n aanduiding van die wêreldwye sukses en groeiende potensiaal van kulturele toerisme. Hierdie vorm van toerisme het verskeie eienskappe wat dit aantreklik maak as 'n toerisme-produk. Jansen-Verbeke (1996) sonder vyf aantreklikheidseienskappe uit, naamlik:

- Omdat kulturele toerisme 'n beeld uitdra van *waardetoevoeging* tot die toerisme-ervaring is daar die assosiasie met "kwaliteitstoerisme".
- Kulturele toerisme pas in die patroon van die kontemporêre toerisme-verbruiker wat gedurig op soek is na *nuwe produkte en ervarings* wat satisfaksie waarborg.
- Kulturele-toerisme stel die *differensiasie* moontlikhede wat nodig is om te voldoen aan die behoefte van 'n groeiende en gesegmenteerde toeriste-mark.
- Bestemmings wat nie voordeel kan put uit die tradisionele "son, sand en see"-hulpbronbasis nie kan vanuit *nuwe perspektiewe* bemarking doen.
- Kulturele toerisme bied 'n oplossing vir die *probleem van seisoenaliteit* van sommige toerisme-produkte en pas in die patroon van meer aktiewe vakansies, meer omgewingsensitiewe aktiwiteite, kort vakansies en toegevoegde waarde vir die besigheidsreisiger.

Kulturele toerisme voeg dus nuwe produkte by tot die toerismebedryf en bied nuwe ervarings aan die toeris. Namate toeriste se vraag na nuwe toerismeprodukte toeneem, sal kulturele ontwikkeling in die toekoms plaasvind. Op hierdie wyse kan die kultuurtoerisme-ervaring groei en waarde toegevoeg word, sodat nuwe geleenthede aan stede gebied word vir die ontwikkeling van toerisme (Jansen-Verbeke, 1994).

## 1.2 Kulturele toerisme in die stad

Groot stede is die belangrikste toeriste-bestemmings regoor die wêreld (Law, 1993). Stede is plekke waar 'n bevolking binne 'n gedefinieerde gebied gekonsentreer is, en waar ekonomiese aktiwiteite gesetel is om geleenthede te skep vir die produksie en verbruik van goedere en dienste. Ook is stede konsentrasiepunte vir verskeie kulturele en sosiale aktiwiteite waaraan 'n samelewing deelneem. Hierdie konsentrasie van aktiwiteite skep geleenthede vir vermaaklikheid en ontspanning, en word die nodige ontmoetingsplekke, soos lughawens, akkommodasiesentra en inligtingsdienste wat 'n toeris of reisiger mag benodig ontwikkel (Page, 1995). As toerisbestemmings het stede dus heelwat om die toeris te bied (Jansen-Verbeke, 1992).

Volgens Jansen-Verbeke (1992) bevat hierdie stedelike toerisme-produk drie elemente, naamlik primêre, sekondêre en kondisionele elemente. Die *primêre elemente* verwys na daardie kenmerke/produkte van 'n stad wat die besoekers trek en motiveer. Die wêreldbekende Eiffel-toring wat jaarliks duisende mense na Parys trek, is 'n voorbeeld van só 'n element. In die konteks van kulturele toerisme kan 'n primêre element 'n bekende historiese gebou, 'n groot kulturele feesgeleentheid of 'n historiese stad wees. *Sekondêre elemente* is daardie aktiwiteite en fasiliteite wat ondersteunend is aan die primêre elemente. Dit is byvoorbeeld die hotelle waarin besoekers tuisgaan, die winkels waar hulle aandenkings koop en die restaurante waar hulle hul maaltye geniet. Hierdie fasiliteite maak die besoekers se verblyf meer aangenaam. Die *kondisionele elemente* verwys na die fasiliteite wat nodig is om die stad vir besoekers toeganklik te maak, byvoorbeeld parkeerruimtes, openbare vervoer en toerisme-inligtingskantore. Die drie elemente vul mekaar aan in die daarstel van 'n aantreklike stedelike toerismeproduk. Tabel 1 plaas kulturele toerisme-produkte binne die konteks van stedelike toerisme.

**Tabel 1 Stedelike toerisme-produkte**

<b>PRIMÊRE ELEMENTE</b> <i>(Kern-produkte)</i>
Kulturele erfenis Kulturele fasiliteite Kultuur-aktiwiteite en feesgeleenthede Uitstallings
<b>SEKONDÊRE ELEMENTE</b>
Hotel-fasiliteite Winkel-fasiliteite Restaurante Straatmarkte
<b>KONDISIONELE ELEMENTE</b>
Toeganklikheid Parkeer-fasiliteite Toerisme-infrastruktuur

*Bron: Jansen-Verbeke (1992 p. 86)*

Die huidige aantrekkingskrag van stedelike gebiede as toerisbestemmings korreleer sterk met die kulturele oplewing in toerisme sedert die tagtigerjare (Jansen-Verbeke, 1996). Die kern van formele stedelike rekreasie bestaan uit kulturele fasiliteite en aktiwiteite wat byvoorbeeld aangebied word by teaters, opvoerings en museums (Jansen-Verbeke, 1986). Kulturele toerisme-produkte kom gekonsentreerd in stedelike gebiede voor. Om hierdie rede is die uitbou/ontwikkeling van kulturele toerisme een van die vernaamste strategieë wat deur stede gebruik word om besoekers te trek (Broadway, 1997).

Kulturele toerisme en stedelike toerisme is dus nou verweef. Dikwels word die stad self, op 'n unieke en aantreklike wyse, as 'n toeriste-produk bemark. Historiese stede sal hulself byvoorbeeld bemark deur klem te lê op hul geskiedenis, erfenis en kultuur. 'n Vertakking van kulturele toerisme wat toenemend aandag geniet in die toerisme-literatuur, is erfenistoerisme. Alhoewel erfenis verwys na die nalatenskap uit die



verlede, word die rol wat erfenis in die hede kan speel, al meer ondersoek (McManus, 1997).

### **1.3 Erfenis en toerisme - twee hande was mekaar**

“Nuwe” toerisme is ‘n konsep wat al meer gehoor word in besprekings oor alternatiewe toerisme-produkte (Jansen-Verbeke, 1996). In die toerismemark word die behoefte uitgespreek aan ‘n nuwe soort toerisme wat meer buigsaam en gesegmenteerd is en waar daar beter integrasie is tussen verskillende toerisme-soorte en -produkte. Dit is in kontras met massatoerisme en die gestandaardiseerde, rigiede pakkette van die “ou stelsel”. Die huidige verwikkelinge in die toerismemark dui op ‘n groeiende belangstelling in die bewaring van historiese en kulturele erfenis, en wel in die mate waartoe dit as toerisme-hulpbronne gebruik kan word. In baie stede word die kernelemente van die toerismeproduk op kultuur-erfenis gebaseer (Jansen-Verbeke, 1992). Erfenistoerisme word beskou as ‘n sleutelfaktor in dié nuwe koers wat toerisme inslaan (Jansen-Verbeke, 1996), juis as gevolg van die diversiteit wat erfenis as toerismeproduk kenmerk. Die produk se uniekheid en aanpasbaarheid by ander toerismevorme is ‘n besliste voordeel in die kompeterende industrie (Coccosis & Mexa, 1995). Erfenis kan byvoorbeeld bemark word saam met kulturele toerisme, inkooptoeisme en as deel van die stedelike toerismeproduk. Erfenis kan dus gesien word as ‘n “nuwe” toerismeproduk – ‘n uitvloeisel van verhoogde kompetisie in die toerisme-sektor (Shaw & Williams, 1994).

Die wisselwerking tussen kultuurerfenis en toerisme is ‘n verhouding van wedersydse bevoordeling. Bewaringsaksies van kultuurerfenis vir die nageslag benodig toerisme as finansiële borg. So kan die “verkoop” van kultuurerfenis as toerisme-produkte byvoorbeeld fondse wat nodig is vir die instandhouding en bewaring van historiese geboue, genereer. Toerisme dien dus as ‘n ekonomiese regverdiging vir die bewaring van erfenis (Hall, 1997). Aan die ander kant het die toerisme-industrie die kulturele hulpbronne nodig om nuwe produkte te ontwikkel in ‘n hoogs kompeterende mark met ‘n groeiende vraag na alternatiewe produkte.

‘n Groot verskeidenheid stedelike bedrywe en aktiwiteite kan deur erfenistoerisme bevoordeel word, byvoorbeeld die restaurantbedryf, die hotelbedryf en

kleinhandelaktiwiteite. Hierdie voordele het tot gevolg gehad dat stedelike bestuurders wêreldwyd die moontlikheid van stedelike toerisme as 'n hefboom vir die stedelike ekonomie begin ondersoek het.

#### **1.4 Die rol van toerisme, kultuur en erfenis in stedelike hernuwing**

Stedelike verval en agteruitgang is 'n onderwerp wat toenemend aandag geniet en ook kommer wek by owerhede en stadsbeplanners, veral die verval ten opsigte van die stedelike binnestad. Om hierdie rede is daar toenemende belangstelling by toerisme-organisasies, stedelike beplanners, bestuurders en akademici in die stedelike fokus van toerisme. Daar word onder andere gekyk na die rol wat toerisme in stedelike hernuwingsprogramme kan speel (Jansen-Verbeke, 1997; Law, 1993).

Stedelike kulturele en erfenistoerisme blyk dié segment van toerisme te wees wat die vinnigste groei toon (Jansen-Verbeke, 1997). Stede, as konsentrasies van menslike aktiwiteite, is dikwels ook sentra van kulturele aktiwiteite en fasiliteite. Hierdie reeds gevestigde aktiwiteite en fasiliteite kan as basis dien vir stedelike hernuwingsprogramme. Die gebruik van kultuur as basis vir hierdie programme kan ook 'n belangrike bydrae lewer ter verbetering van die fisiese omgewing en die versterking van die kulturele identiteit.

Jansen-Verbeke (1997 p. 3) maak die opmerking dat "To every city there is a history, every monument has its story... so the potentials appear to be unlimited". Stede en dorpe het erfenisprodukte soos geboue, waterfronte, monumente, geskiedenis, kulturele geleenthede en menslike aktiwiteite wat ontwikkel en bemark kan word as toeriste-atraksies (McKechnie, 1998). Die stedelike binnestad het, as ontstaanskern van die stad, dikwels 'n rykdom van historiese erfenis in die vorm van geboue en monumente. Besoeke deur toeriste en gepaardgaande spandering van geld kan 'n belangrike ekonomiese inspuiting vir 'n stad wees. Die historiese erfenis as spesifieke toerismevorm hou dus potensiaal in vir stedelike hernuwing deurdat die "verkoop" van hierdie produkte fondse kan genereer vir die herlewing en hernuwing van 'n stad (Ashworth & Tunbridge, 1990).

## 1.5 Kultuurtoerisme in Mechelen - probleemstelling en navorsingsdoelwitte

Uit die voorafgaande blyk dit dat kulturele toerisme as deel van die stedelike toerismeproduk nuwe geleenthede in terme van die toeriste-aanbod, aan stede kan bied. Die moontlikhede van kulturele toerisme het onder die aandag van die die Vlaamse owerheid van België gekom. Die Vlaamse stede het 'n ryk versameling van historiese geboue, momumente, kulturele feesgeleenthede en gebruike wat as produkte van kulturele toerisme bemark kan word. Om hierdie toerismegeleenthede te ondersoek en die kultuurtoerisme-potensiaal van Vlaamse stede te bepaal, het die Vlaamse regering 'n navorsingsprojek van stapel gestuur. Die Instituut voor Sociale en Economiese Geografie (ISEG) van die Katholieke Universiteit Leuven is tans gemoeid met hierdie projek. Soos genoem (Afdeling 1.3) word toenemend gefokus op die rol wat toerisme in stedelike hernuwing kan speel. Aangesien kulturele toerisme die segment in hierdie bedryf is wat die vinnigste groei, word in hierdie projek ook gekyk na die rol wat hierdie attraksies as toerismeprodukte in stedelike hernuwingsprojekte in Vlaandere kan speel.

GIS (geografiese inligtingstelsels) is 'n kragtige en geskikte hulpmiddel waarmee ruimtelike analises in die algemeen en toerismenavorsing in besonder gedoen kan word. Vanweë die aard van toerisme-aktiwiteite is ruimtelike verbreiding en verspreiding belangrike navorsingsfokuspunte. In 'n GIS word attribuutdata gekoppel aan geografiese verwysings en saam in 'n databasis gestoor vir analisering van beide attribuutinligting en ligging. Alhoewel daar vinnige ontwikkeling plaasvind in die toerismebedryf en GIS toepassings uitbrei, is daar weinig gepubliseerde materiaal waar GIS ingespan is om die ruimtelike analises wat met toerismenavorsing gepaard gaan, uit te voer (McKechnie, 1998). Daar bestaan dus 'n behoefte aan soortgelyke tipe toerisme navorsing en die doen van so 'n studie skep 'n navorsingsuitdaging.


GIS is een van die hulpmiddels wat ISEG gebruik het om ruimtelike analises te doen in die ondersoek na die toerisme-potensiaal van onderskeie stede. Hier word die uitdaging aanvaar om GIS sodanig te ontwikkel dat dit effektief gebruik kan word vir die doen van ruimtelike analise in erfenistoerismestudies.

Die doel van hierdie tesisnavorsing is om ondersoek in te stel na die erfenistoerisme-potensiaal van Mechelen, België. Die doelwitte van hierdie studie is om:

- Die erfenistoerisme-produkte van Mechelen te identifiseer.
- Die liggings van Mechelen se erfenisprodukte in 'n GIS vas te lê.
- Ruimtelike analyses te maak van die historiese geboue in Mechelen om sodoende die geboue se potensiaal te bepaal in terme van
  - (i) die morfologiese ligging vis-à-vis sekere geboue, en
  - (ii) die toeganklikheid vir die publiek met betrekking tot die funksionaliteit van die geboue.
- Die potensiele rol van erfenistoerisme in die stedelike hernuwing van Mechelen vas te stel.


Die stad Mechelen dien as gevallestudie in ISEG se projek oor die kultuurtoerisme-potensiaal van Vlaamse stede. In Figuur 1 word die ligging van België in Europa en die ligging van Mechelen in België ter oriëntering aangedui. Die studiegebied is die binnestad (die Ring) van Mechelen (Figuur 2). Daar is besluit om slegs die binnestad in te sluit in die studie omdat:

- 1) Die grootste konsentrasie van historiese geboue kom binne die Ring voor.
- 2) Dit 'n hanteerbare grootte is vir die beskikbare navorsingstyd.
- 3) Die stedelike binnestad meestal die area van stedelike agteruitgang en verval en dus die teiken van stedelike hernuwingsprojekte is.



**Figuur 1** Ligging van België in Europa en ligging van Mechelen in België





**Figuur 2 Studiegebied: Die Ring van Mechelen binne stad Mechelen**

### 1.6 Navorsingsraamwerk en oorsigagenda

In Figuur 3 word die raamwerk vir die werkswyse van hierdie navorsing uiteengesit .  
Daarna volg 'n uiteensetting van die tesis-samestelling.

**Voorbereiding**

1. Algemene soektog na en bestudering van stedelike toerismeliteratuur
2. Oorsig en uithaal van essensie uit algemene toerisme-literatuur
3. Oorsig van onderwerpspesifieke (kultuur-toerisme) literatuur

**Probleemstelling en -navorsingsdoelwitte**

- Gebruik GIS vir ruimtelike analyses - bepaal toerisme-potensiaal van historiese geboue
- Ondersoek na die rol van kulturele toerisme in stedelike henuwing.
- Die stad Mechelen as gevallestudie

- Doelwitte:**
1. Identifisering van Mechelen se kultuurtoerisme-hulpbronne
  2. Ruimtelike analyses vir die bepaling van toerisme-potensiaal
  3. Die rol van kulturele toerisme in stedelike henuwing

**Data-insameling****Veldwerk**

- Opsporing & kartering van historiese geboue
- Klassifikasie van geboue volgens funksie

**Onderhoudvoering**

- Semi-gestruktureerd
- Mnr S Vandesande
- Mnr R Cuyvers

**Ander**

- Bepaling van merkgeboue deur bestudering van toerisme-brosjures
- Inligting oor stadsgeskiedenis uit pamflette en boeke
- Inligting oor kulturele aktiwiteite verkry by toerisme-buro's & uit pamflette

**Data-verwerking****Ruimtelike analyses met GIS****1. Berekening van morfologiese indeks**

**Doel:** Uitlig van groeperings van historiese geboue

**Metode:** Berekening van 100m-sones om merkgeboue en gee van waardes op grond van nabyheid aan merkgeboue

**3. Berekening van finale saamgestelde indeks**

**Doel:** Toekenning van 'n enkele toerisme potensiaalwaarde

**Metode:** Optel en standardisering van morfologiese-en funksionele indekse

**2. Berekening van funksionele indeks**

**Doel:** Bepaling van die aantreklikheid van 'n historiese gebou a.g.v die gebou se funksie

**Metode:** Toekenning van gewigte a.g.v aantreklikheid vir toeriste

**Programmatuur**

1. TRANSCAD - Vaslegging van gebouliggings, gebruik "Network partitioning" vir 100m-sones
2. ArcView - Doen van funksionele analyses en skep van kaarte
3. ARC/INFO - Opsomming van datastelle deur gebruik van "frequency"-opdrag

**Data-interpretasie**

1. Interpretasie van resultate van ruimtelike analyses met GIS
  - Uitlig van groeperings van geboue met hoë morfologiese potensiaal
  - Uitlig van groeperings van geboue met 'n hoë funksionele waarde
  - Vergelyking en integrasie van bostaande groeperings
2. Mechelen se potensiaal as kultuurtoerisme-bestemming
3. Die rol van kulturele toerisme in Mechelen se stadsekonomie

**Gevolgtrekkings en sintese**

Mechelen as kultuurtoerisme-bestemming  
Uitdagings vir verdere navorsing

**Figuur 3 Navorsingsraamwerk vir die ondersoek van toerisme-potensiaal in Mechelen, België**

Afdeling 1 handel oor die begrippe kulturele en erfenistoerisme. Die probleemstelling en navorsingsdoelwitte word ook hier gestel. In Afdeling 2 word die stappe wat gevolg is tydens die data-insamelings- en verwerkingsprosesse uiteengesit. Afdeling 3 handel oor kulturele toerisme in Mechelen. In hierdie afdeling word 'n oorsig gegee van die stad se verlede; die kultuurtoerisme-aanbod geïdentifiseer; en die potensiaal van historiese geboue as aantreklikheid bereken. In die berekening van hierdie potensiaal word gekyk na die morfologiese en funksionele potensiaal van historiese geboue. 'n Finale saamgestelde indeks waarde vir elke historiese gebou word ook bereken.

In Afdeling 4 word kulturele toerisme as instrument vir stedelike hernuwing bespreek. 'n Algemene oorsig word gegee oor kulturele toerisme as hefboom vir die stedelike ekonomie, waarna meer spesifiek gekyk word na die rol wat kulturele toerisme in Mechelen se stadseconomie speel. Daarna volg 'n toekomsblik op Mechelen se kultuurtoerisme-ontwikkeling. In Afdeling 5 word 'n samevatting gegee en sekere gevolgtrekkings uiteengesit. Navorsingsuitdagings ten opsigte van kulturele toerisme in Suid-Afrikaanse stede word ook bespreek.

## 2. DATA-INSAMELING EN -VERWERKING

### 2.1 Data-insameling

Die data-insamelingsproses is begin deur die identifisering van die kultuurtoerisme-produkte in Mechelen. Omdat die historiese geboue van Mechelen die databasis gevorm het, was die eerste stap om die historiese geboue te identifiseer. Dit is gedoen deur die boek *Het Cultuurbezit in Vlaanderen: Mechelen*, waarin alle historiese geboue in Mechelen gelys word, te raadpleeg. Hieruit is 'n lys gemaak van al die historiese geboue met hul adresse – altesaam 1169 geboue. Die foto's van die onderskeie geboue wat in 'n bylae in die boek voorkom, is ook tydens veldwerk gebruik vir beter identifikasie van die geboue. Alle historiese geboue moes gekarteer word sodat die liggings in die databasis opgeneem kon word. Dit het beteken dat elkeen van die 1169 historiese geboue in die bogenoemde lys fisies opgespoor moes word en elke gebou se ligging op 'n papierkaart gestip moes word. Ook is die huidige funksie van elke historiese gebou aangeteken. Hierdie veldwerk het ongeveer vanaf



30 Junie tot 30 Julie, 1998 plaasgevind.

Voordat daar met verwerking begin is, is die ingesamelde gebouliggings eers met behulp van TRANSCAD vasgelê in die databasis van 'n GIS. Dit is gedoen deur liggings op die rekenaarskerm met behulp van 'n muis te versyfer teen 'n straatnetwerkkaart as agtergrond. Attribuuatdata van die historiese geboue is in 'n databasis aan die puntentiteite wat die fisiese ligging van die onderskeie historiese geboue in die stad voorstel, opgeneem. Een van hierdie attribute bevat die kodes wat aan elke gebou op grond van die gebou se huidige funksie toegeken is. Die ruimtelike digitale data vir straatnetwerke asook rivierliggings, is deur ISEG by Tele-Atlas aangekoop, en was beskikbaar in TRANSCAD-formaat. Omdat die kooridnate van die strate in sommige gevalle onakkuraat was, en van die strate ontbreek het, moes dié databasis eers gekorrigeer word voordat enige analises uitgevoer kon word.

Semi-gestruktureerde onderhoude met twee persone is gevoer: Rob Cuyvers, is in beheer van toerisme en ander ontwikkelings in Mechelen, terwyl Simon Vandesande 'n navorser is oor die toerisme-dimensie van Mechelen. Beide respondente het inligting voorsien oor huidige en toekomstige toerisme-gerigte ontwikkelings, asook hul menings gelug oor die potensiaal van die stad Mechelen as toeriste-bestemming.

## 2.2 Data-verwerking

Die data-verwerking is in drie fases gedoen. Eerstens is 'n indeks bereken vir die bepaling van die morfologiese potensiaal van die historiese geboue; tweedens is nog 'n indeks vir die bepaling van die funksionele potensiaal van die historiese geboue uitgewerk; en laastens is hierdie twee indekse gekombineer om 'n gesamentlike finale indeks waarde vir toerisme-potensiaal aan historiese geboue in Mechelen te koppel.

Die doel van die *morfologiese analise* was om groeperings van historiese geboue aan te toon. Die analises is met die GIS-program, TRANSCAD, uitgevoer. 'n Vereiste vir die berekening van groeperings in hierdie program, is dat die punte waaromheen die groeperings ondersoek word, vooraf gekies moet word. Hierdie punte word die

spilpunte waaromheen die eienskappe van potesniële groeperings ontleed word. Om hierdie punte te bepaal, is gebruik gemaak van 'n tegniek waardeur merkgeboue of beeldbepalers geïdentifiseer is. Volgens MacCannell (1976) se "marker"-visie win 'n toeris vooraf deur middel van toerisme-brosjures kennis van 'n stad in. Deur hierdie brosjures te bestudeer, vorm die toeris 'n kognitiewe beeld van die stad. Die besienswaardighede wat in die brosjures opgeneem is, dra grootliks by tot die beeld wat die toeris van die stad vorm. Hierdie beeldbepalers of merkers word die toeris se simbole van die stad (Lievois, 1997). Merkers kan 'n invloed hê op onder andere die motivering vir 'n besoek en die roetebepaling tydens 'n besoek.

In die geval van Mechelen is die merkgeboue bepaal deur vier Vlaamse toerisme-brosjures, naamlik *Vlaanderen Vakantieland* (1996), *De Grote Geïllustreerde Gids België en Luxemburg* (1994), *De gids voor Vlaanderen* (1995) en die *Toeristische Gids: België – Luxemburg* (1996), te bestudeer en 'n lys te maak van die geboue en besienswaardighede wat daarin genoem word. Dié spesifieke vier brosjures is gekies op grond daarvan dat hulle gebruik is in 'n vorige soortgelyke studie in Leuven wat deel is van dieselfde ISEG-projek (Lievois, 1997). Die gebruik van dieselfde brosjures maak die kriteria waarvolgens die gebou-lyste opgestel is, vergelykbaar. Sewe en twintig merkgeboue is uit hierdie vier brosjures geïdentifiseer. Waardes is aan geboue toegeken op grond van die getal kere wat die spesifieke besienswaardigheid in die vier brosjures genoem word. Aan 'n besienswaardigheid wat in al vier brosjures genoem word, is 'n waarde van 4 toegeken, terwyl aan 'n besienswaardigheid wat slegs een keer in die vier brosjures voorkom, 'n waarde van 1 gegee is.

In die morfologiese analise is twee stappe gevolg. Eerstens is vyf 100 meter-sones rondom elk van die merkgeboue bereken. Dit is met behulp van die "networkpartitioning"-funksie van TRANSCAD uitgevoer. Die 100 meter-sones is volgens padlangse afstande bereken en is dus nie konsentriese sirkels op 100 meter-afstande nie. Die veronderstelling is dat 'n toeris die besoek in die stad grotendeels te voet aflê en bereid is om op die verste 100 meter tussen twee besienswaardighede te stap. Wanneer die sones bereken word, word dit telkens 100 meter vanaf die geboue wat in die vorige 100 meter-sone ingesluit is, gedoen. Die geboue wat ingesluit word, is dus slegs dié wat in aaneenlopende 100 meter-

intervalsones voorkom.

Die tweede stap, nadat die sones bereken is, is om 'n formule (1) wat deur Lievois (1997) ontwikkel is, te gebruik om gewigte toe te ken aan die individuele historiese geboue op grond van hul nabyheid aan die onderskeie merkgeboue, dit is volgens die 100 meter-sone waarin die geboue voorkom. Die formule word onderskeidelik toegepas vir die geboue rondom geboue met merkwaardes 4, 3, 2 en 1.

$$\text{Gewig} = (\text{Geboue in } 100\text{m-sone}) + (\text{Geboue in } 200\text{m-sone})/2^2 + (\text{Geboue in } 300\text{m-sone})/3^3 + (\text{Geboue in } 400\text{m-sone})/4^4 + (\text{Geboue in } 500\text{m-sone})/5^5$$

(1)

Volgens hierdie berekening neem die potensiaal van geboue eksponensieel af vanaf die eerste 100 meter-sone na die vyfde 100 meter-sone. Die kans dat 'n toeris die geboue in die 200 meter-sone gaan besoek, is dus meer as die helfte minder as vir die geboue in die 100 meter-sone.

Die merkwaarde van die geboue waaromheen die sones bereken is, word ook in ag geneem. Daarom sal geboue naby 'n merkgebou met 'n waarde van 4 'n swaarder gewig dra as geboue naby 'n merkgebou met 'n waarde van 1. Een van die doelstellings is om 'n indeks op te stel waarin die resultate van formule (1) en die waarde van die merkgeboue opgeteken word. Om dit te kan doen, is 'n ander formule (2), wat ook deur Lievois (1997) ontwikkel is, gebruik.


Hiervolgens word die waarde van die geboue wat bepaal is op grond van hul ligging in die vyf onderskeie 100 meter-sones vermenigvuldig met die waarde van die merkgeboue waarvandaan die sones bereken is. Die eindwaardes, wat bereken is deur die toepassing van formule (2), weerspieël elke gebou se potensiaal op grond van sy morfologiese nabyheid aan die onderskeie merkgeboue. Die indekswaardes tussen 1 (laag) en 6 (hoog).

*Indeks = (Waardes van geboue in alle 100m-sones om geboue met merkwaarde 4)\*4 + (Waardes van alle geboue in alle 100m-sones rondom geboue met merkwaarde 3)\*3 + (Waardes van geboue in alle 100m-sones rondom geboue met merkwaarde 2)\*2 + (Waardes van geboue in alle 100m-sones rondom geboue met merkwaarde 1)\*1*

(2)

Die tweede fase in die verwerkingsproses is die *funksionele analise*. Hierdie analise het ten doel die opstel van 'n indeks waarvolgens die funksionele potensiaal van die individuele historiese geboue ten opsigte van toerisme-ontwikkeling, bepaal kon word. Hierdie analise is gedoen met die GIS-program, ArcView, en behels 'n aantal opeenvolgende stappe.

Eerstens is gewigte toegeken aan historiese geboue op grond van hul toerisme-potensiaal. Dit is gedoen aan die hand van die toerisme-potensiaal-indeks van Jansen-Verbeke (1997). Hierdie indeks word in Figuur 4 uitgebeeld en is vir die doel van hierdie studie aangepas. In hierdie aangepaste weergawe is die funksionele dimensie ingedeel in 'n *dekor-funksie*, *onbenutte geboue*, *ondersteunende elemente* (sekondêre funksies) en *kernelemente*. Die verskillende dimensies het ooreenkomstige "belangrikheids-waardes" van onderskeidelik 1, 2, 3 en 4 waar 1 die belangrikste is. In Jansen-Verbeke (1997) word net drie dimensies onderskei, naamlik dekor-funksie met 'n belangrikheidswaarde van 1, ondersteunende elemente met 'n waarde van 2 en kernelemente met 'n waarde van 3. Vir die doel van hierdie studie is daar 'n dimensie bygevoeg, naamlik onbenutte geboue. Dit is genoodsaak deur die aanwesigheid van 'n groot aantal onbenutte historiese geboue in Mechelen wat, as dit herbenut word, potensiaal inhou vir toerisme-ontwikkeling. Die belangrikheidswaardes van die verskillende dimensies is dienooreenkomstig aangepas, soos in Tabel 2 aangedui.



Bron: Aangepas uit Jansen-Verbeke (1997)

**Figuur 4 Toerisme-potensiaal van historiese geboue: Morfolgiese en funksionele dimensies**

**Tabel 2 Gewigte toegeken aan die onderskeie funksies van historiese geboue**

Funksie van gebou	Gewig
Kernelement	4
Ondersteunende element	3
Onbenutte gebou	2
Dekor	1

Onbenutte historiese geboue kry 'n hoër waarde as geboue met 'n dekorfunksie omdat dit die potensiaal inhou om op verskeie maniere herbenut te word ter ondersteuning van toerisme-ontwikkeling. Historiese geboue met 'n dekorfunksie is opgeknapte historiese geboue met 'n kantoor- of woningfunksie wat dit toeganklik maak vir die publiek en dus 'n beperkte toeriste-ontwikkelingspotensiaal gee. In hierdie studie is die fisiese toeganklikheid van geboue in terme van hul besoektye vir die publiek nie in ag geneem nie, veral met betrekking tot museums en kerke. Die rede vir hierdie besluit is dat Mechelen se toerisme-beleid nog in 'n beginstadium is en baie van die potensiele besienswaardighede of kernelemente tans nog nie toeganklik vir die publiek is nie. Inligting wat verkry is uit onderhoude, dui egter daarop dat die meeste van hierdie tans ontoeganklike produkte nou in 'n ontwikkelingsfase is en in die nabye toekoms aan die publiek oopgestel sal word. Hierdie ontoeganklike geboue en besienswaardighede is dus geklassifiseer volgens die funksie waarvoor hulle ontwikkel word of sal word. Die waardes wat toegeken is aan geboue na aanleiding van hul geklassifiseerde funksie het gevarieer tussen 1 en 4 (Kyk Tabel 2).

Die derde fase is die berekening van waardes vir die *finale saamgestelde indeks*. Die derde indeks behels die toekenning van 'n enkelwaarde vir elke gebou, wat saamgestel is deur die twee afsonderlike indeksse wat reeds bereken is, bloot bymekaar te tel. As gevolg van die verskil in gewigte, 1 tot 4 vir die morfologiese ligging teenoor die 1 tot 6 vir die funksionele indeks, moes die waardes eers gestandaardiseer word voordat die finale indeks bereken kon word. Die standaardisering is gedoen deur elkeen van die individuele waardes as 'n persentasie van die hoogste waarde in die klassifikasie uit te druk. Nadat die standaardisasie gedoen is, is die rekenkundige gemiddelde bereken deur die waardes bymekaar te tel en deur 2 te deel. Formule (3) is gebruik vir die berekening van die saamgestelde indeks.

$$Indeks = \frac{[(1/6) * \text{liggingsindekswaarde}] * 100 + [(1/4) * \text{funksioneleindekswaarde}] * 100}{2}$$

Die resultate van die toepassing van hierdie formule is waardes wat varieer tussen 0 en 100. Om geboue se toerisme-ontwikkelingspotensiaal kartografies visueel voor te stel, is die waardes ingedeel in vyf gelyke intervale wat elk 'n waarde gekry het van 1 tot 5, waar 1 lae en 5 hoë waardes verteenwoordig. In die saamgestelde indeks het elke gebou, wat binne die 500 meter-sones rondom die merkgeboue voorkom, 'n saamgestelde potensiaalwaarde tussen 1 en 5.

Die resultaat van die data-insamelings en -verwerkingsprosesse is 'n uitgebreide databasis oor Mechelen se historiese geboue. Dit sluit die fisiese ligging van elke gebou op 'n straatkaart, gekoppel aan 'n tabel met die attribuutdata van elke gebou in. Belangrike beskrywende attribuutdata wat op dié manier aan die geboue gekoppel is, is die volgende:

- 'n Identifikasienommer
- Die straatadres van die gebou
- 'n Beskrywing van die soort gebou (bv. huis, kerk)
- Die merkwaarde van die gebou (waar van toepassing)
- Die name van merkgebou (bv. Sint-Romboutskatedraal)
- 'n Kode volgens die funksie van die geboue
- 'n Morfologiese potensiaal-indekswaarde
- 'n Funksionele potensiaal-indekswaarde
- 'n Finale saamgestelde indekswaarde.

Die attribuutdata in die tabel, is die inligting wat tydens die doen van die ruimtelike analises met GIS programmatuur, gebruik word. 'n Samevatting oor die databenodighede vir hierdie studie, die databronne, die datainsamelingstegnieke wat gebruik is asook die dataverwerkingsprosedures, word in Tabel 3 uiteengesit.

**Tabel 3 Samevatting van data-benodigdhede, data-bronne, data-insameling en data-verwerking oor historiese geboue in Mechelen**

<i>Data-benodigdhede</i>	<i>Data-bronne</i>	<i>Insamelingstegniek</i>	<i>Data-verwerking</i>
Lys van historiese geboue	Boek: <i>Het Cultuurbezit in Vlaanderen: Mechelen</i>	Opstel van lys van alle historiese geboue	Opstel van inventaris vir gebruik tydens veldwerk
Liggings van historiese geboue	Adresse verskaf in bogenoemde boek	Kartering van liggings tydens veldwerk	Invoer van liggings in 'n GIS
Huidige funksies van historiese geboue	Fisiese ondersoek tydens veldwerk	Aantekening in inventaris tydens veldwerk	Toekenning van kodes in attribuut-tabel
Identifisering van merkgeboue	Vier verskillende toerisme-brosjures	Opstel van lys van historiese geboue wat in brosjures genoem word	Toekenning van waardes op grond van voorkomswaarskyn in brosjures
Straatnetwerk, spoorlyne en rivierliggings in Mechelen	Tele-Atlas	Aangekoop deur ISEG by Tele-Atlas	Nagaan en korrigering van data
Huidige en toekomstige toerisme-ontwikkelings	Mnr R Cuyvers Mnr R Vandesande	Semi-gestruktureerde onderhoudvoering	Opsomming van inligting en integrasie in bespreking
Menings oor toerisempotensiaal	Mnr R Cuyvers Mnr R Vandesande	Semi-gestruktureerde onderhoudvoering	Opsomming van inligting en integrasie in bespreking

Die volgende stap is om berekeninge met die data uit te voer en die resultate visueel voor te stel sodat afleidings gemaak kan word vir integrasie in die bespreking oor kulturele toerisme in Mechelen. Hierdie stap word in die volgende afdeling bespreek.



### 3. KULTURELE TOERISME IN MECHELEN

In 'n regeringsprojek oor die kulturele toerisme-potensiaal van stede in Vlaandere, België, is Mechelen geïdentifiseer as 'n stad waar daar moontlik so 'n potensiaal kan bestaan. In 'n poging om kultuur-historiese potensiaal te bepaal, word 'n oorsig gegee van Mechelen se verlede; die kultuurtoerisme-produkte word identifiseer; en ruimtelike analyses daarvan word met GIS-programme gedoen.

#### 3.1 Oorsig: 'n stad met 'n verlede wat erfenis skep

Mechelen is 'n stad met 'n kleurrike verlede wat gekenmerk word deur talle ontwikkelingsstydperke. Elkeen van hierdie tydperke het sy stempel op die stad afgedruk, en wel in die vorm van talle historiese geboue met verskillende argitektoniese boustyle; pleine wat in vervloë eras die middelpunt van ekonomiese aktiwiteite was; en kerke wat Mechelen se godsdienstige belangrikheid in die verlede weerspieël. Mechelen se geskiedenis word oorgedra en voortgesit deur 'n groot verskeidenheid historiese erfenis en feesgeleenthede.

In historiese bronne word in 870 AD vir die eerste keer melding gemaak van Mechelen. Die eerste woonkern het in die Gallies-Romeinse periode aan die westekant van die Dijlerivier rondom die huidige Korentmarkt ontstaan (Figuur 7). In die 8ste eeu het die Ierse predikant en sendeling, Sint Rombout, met sendingwerk onder die inwoners begin en 'n tweede woonkern het aan die oostekant van die Dijle in die gebied rondom die huidige Sint-Romboutskatedraal ontstaan (Figuur 6). Gedurende die 13de en 14de eeue is daar 'n opbloeit in die stad se tekstielnywerheid. Omdat dit so 'n belangrike inkomstebron is, word verskeie "tekstiellokale" opgerig. Onder Margareta van Oostenryk beleef Mechelen in 1506-1530 'n glanstydperk, en groei vinnig as 'n belangrike politieke sentrum. In 1559 word Mechelen die setel van die aartsbisdom. Aan die einde van die 15de eeu, begin 16de eeu, ontwikkel 'n aantal industrieë waaronder bronsgieterij, edelsmeekuns, miniatuurkuns, boukuns, asbesverwerking en borduurkuns. In die eerste helfte van die 16de eeu was Mechelen die hoofstad van die Bourgondiese Nederlanden, maar met die dood van Margareta van Oostenryk in 1530 verskuif dit na Brussel. Tot die 18de eeu staan

Mechelen bekend onder die naam Heerlikheid as een van die provinsies van Nederland (Vandesande, 1998 ; Van Uyten, 1991).

In die 17de eeu word Mechelen se ekonomiese lewe beheer deur kant-, goudbewerking-, koper- en tapytvervaardiging. Na die bloeiperiode volg 'n tydperk van ekonomiese resessie. Teen die begin van die 19de eeu bly slegs kantverwerking en tekstielvervaardiging oor. Die bou van 'n spoorlyn in 1835 tussen Brussel en Mechelen lei tot versnelde groei, veral in die metaal- en houtnywerhede. Die mees tipiese Mechelse nywerheid, naamlik stoel- en meubelmakery, groei tot 'n suksesvolle uitvoerbedryf. Teen die einde van die 19de eeu groei Mechelen tot 'n belangrike sentrum vir intensiewe tuinbou- en groentehandel. Na die Tweede Wêreldoorlog verdwyn die stoel- en meubelmakerye sowel as die meubelwinkels, en verskuif die groenteveiling na buite die stad. Aan die einde van die vyftiger-, begin sestigerjare van die 20ste eeu word 'n aktiewe industriële beleid gevolg en word fabrieksterreine ontwikkel. Mechelen word in die vroeë sewentigerjare deel van die Europese motorsnelwegstelsel (College van Burgemeester en Schepenen, 1997 ; Vandesande, 1998).

Die historiese erfenis wat deur dié verlede nagelaat word, skep 'n bepaalde stadsidentiteit. Bewyse van hierdie verlede word gevind op die markpleine, in godsdienstige geboue, paleise en ander historiese geboue wat belangrike rolle in Mechelen se stadsgeskiedenis gespeel het. Dit is hierdie eiesoortige beeld wat toeriste trek om stukkies van die stad se verlede te ervaar.

### **3.2 Die kultuurtoerisme-aanbod**

Die krag van België se toerismeproduk in die algemeen, lê in die diversiteit en die konsentrasie van die kultuur-historiese erfenis (Munsters, 1996). In Tabel 4 word die tipologie vir kulturele attraksies en geleenthede in België, soos voorgestel deur Munsters (1996), uiteengesit.

**Tabel 4 Algemene tipologie van kulturele toerismehulpbronne in België**

<b>1. Attraksies</b>	
(a) Monumente	
<i>Godsdienstige geboue</i>	<i>Parke en tuine</i>
<i>Openbare geboue</i>	<i>Wagtoringe</i>
<i>Historiese huise</i>	<i>Argeologiese opgrawings</i>
<i>Kastele en paleise</i>	<i>Industriële geboue</i>
(b) Museums	
<i>Volksmuseums</i>	<i>Kunsmuseums</i>
(c) Roetes	
<i>Kultuur-historiese roetes</i>	<i>Kunsroetes</i>
(d) Temaparke	
<i>Kultuur-historiese parke</i>	<i>Argitektoniese parke</i>
<i>Argeologiese parke</i>	
<b>2. Kulturele aktiwiteite</b>	
(a) Kultuur-historiese aktiwiteite	
<i>Godsdienstige feeste</i>	<i>Volksfeeste</i>
<i>Nie-kerklike feeste</i>	
(b) Kunsaktiwiteite	
<i>Kunsuitstallings</i>	<i>Kunsfeeste</i>

*Bron: Munsters (1996 p. 110 )*

Hierdie tipologie is opgestel na aanleiding van 'n opname van al die kultuur-historiese produkte binne 'n 100 kilometer-radius rondom Brussel. Aangesien Mechelen slegs 25 kilometer vanaf Brussel is, kan aangeneem word dat Mechelen se kultuur-historiese produkte in die ondersoek ingesluit is. Munsters (1996) verdeel die produkte in twee hoofkategorieë, naamlik attraksies en kulturele aktiwiteite. Mechelen se kultuurtoerisme-hulpbronne sal volgens hierdie twee kategorieë bespreek word.

### 3.2.1 Attraksies


Attraksies in Mechelen word volgens Munsters (1996) se tipologie (Tabel 4) onderverdeel in monumente, museums en roetes.

#### *Monumente*

Monumente in die vorm van boukundige erfoed is een van die belangrikste draers van die kultuurtoerisme-aanbod in Mechelen (Boogaartes & Jansen-Verbeke, 1997). Die Belgiese wet van 3 Maart 1976 op die beskerming van monumente, definieer monumente soos volg:


“Monument: een ontroerende goed, werk van de mens of van de natuur of van beide samen, dat van algemeen belang in omwille van zijn artistieke, wetenschappelijke, historische, volkskundige, industrieel-archeologische of andere sociaal-culturele waarde, inbegrepen de zich erin bevinden roerende zaken, ontroerend door bestemming” (Lievoyis, 1997).

Die ryke versameling historiese geboue uit die verskillende eras maak Mechelen se binnestad 'n byna aaneenlopende gebied van monumente (Figuur 5). Daar is 1169 historiese geboue binne die Ring van Mechelen waarvan 222 beskermd geboue is. Historiese geboue is geboue wat volgens die wet op die bewaring van monumente, as van historiese belang verklaar is. Die buitekant van hierdie geboue mag nie verander word nie en moet soos die oorspronklike behou word. Wanneer 'n historiese gebou ook as beskermd verklaar word, geniet die gebou die hoogste prioriteit van bewaring en beteken dit dat niks verander mag word aan die gebou nie, binne sowel as buite.



**Figuur 5 Ligging van alle historiese en beskermd geboue in die Ring van Mechelen**

*Godsdienstige geboue* maak 'n belangrike deel uit van Mechelen se aanbod van boukundige erfgoed. Vanweë Mechelen se roemryke godsdienstige verlede en sy belangrike rol vandag nog as setel van die aartsbisdom Mechelen-Brussel, is daar binne die Ring nege kerke wat as historiese geboue verklaar is (vgl Figuur 6). Die Sint-Romboutskatedraal is die bekendste van hierdie historiese kerke. Dit word grotendeels toegeskryf aan die besondere Sint-Romboutstoring wat deel uitmaak van die katedraal. Die toring is 97 meter hoog en huisves twee stelle van 49 klokke elk.




**Figuur 6** Ligging van historiese kerke in die Ring van Mechelen

Ander kerkgeboue wat ook as beeldbepalers (merkgeboue) in die brosjures voorkom, is die Sint-Janskerk, Onse Liewe Vrouwe-Over-de-Dijlekerk, Sint-Katelijnekerk en Begijnhofkerk. Historiese kerke wat binne die Ring van Mechelen voorkom maar nie in die brosjures genoem word nie is die Hartkerk, Onse Liewe Vroue van Leliëndaalkerk en die Onse Liewe Vroue van Hanswijkkerk. Daar kom ook ander godsdienstige geboue voor, onder meer die toevlugshuise van die Norbertynerabdy van Tongerlo en die Benediktynerabdy van Sint-Truiden. Ook is daar verskeie




kapelle, onder andere die Heilige Geeskapel, asook 'n aantal kloosters.

Die versameling *openbare geboue* is ryklik gevarieerd en waardevol. Figuur 7 dien as oriënteringskaart vir plekke waarna daar in die hieropvolgende bespreking verwys word.



**Figuur 7 Pleknaam-oriënteringskaart van Mechelen, België**


Die huidige Stadshuis met die Gotiese tekstiellokaal dateer uit die 14de eeu. Die Gotiese Schepenhuis (1347) het gedurende die geskiedenis van Mechelen onder andere gedien as vergaderlokaal van die Grote Raad, as stadsaal, skouburg en stadsargief. Die vorige stadshuis "De Beyeart" (vroeg 14de-16de eeu) huisves nou die poskantoor. Drie *paleise* wat tans burgerlike funksies het, kom ook in die



**Figuur 8 Ligging van museums in die Ring van Mechelen**

### *Roetes*

In die Ring van Mechelen is daar vier toeristeroetes, wat in Figuur 9 aangedui word. Elke roete het 'n ander "tema". *Die historiese roete* sluit in die belangrikste historiese geboue in Mechelen, hoofsaaklik uit die Bourgondiese periode. Dit is die Sint-Romboutskatedraal, Paleis van Margaretha van Oostenryk, die Koninklike Klokkespel Instituut, Hof van Busleyden en die Sint-Peter en Sint-Pauluskerk. *Die Begijnhof-roete* loop deur die Klein Begijnhof, rondom die Sint-Katelijnekerk, en die Groot Begijnhof. *Die Dijle-roete* fokus op die Dijle-riewer en die rol wat die riewer in Mechelen se handel gespeel het. Die roete sluit in pragtige historiese geboue en kerke langs en in die nabyheid van die Dijle. *Die Gilden-roete* is 'n variasie van die Dijle-roete. Die klem by hierdie roete val egter op die fisiese oorblyfsels van ambagte wat vroëer jare beoefen is (Dienst voor Toerisme, 1996).



**Figuur 9 Wandelroetes in die Ring van Mechelen**

### 3.2.2 Kulturele aktiwiteite

Mechelen het 'n aantal kulturele aktiwiteite wat verband hou met die stad se geskiedenis. Die Bloemen- en Groentecorso verwys na Mechelen se status as tuinbou- en groentesentrum van Vlaandere vanaf die einde van die 19de eeu. Mechelen is ook wyd bekend vir die klokkespeluitvoerings in die Sint-Romboutstoring op die Grote Markt (Figuur 7) en wel op Maandagaande deur die Koninklike Klokkespelskool van Mechelen wat die oudste klokkespelinstituut in die wêreld is (Dienste voor Toerisme, 1996). Die Maanrock wat jaarliks op die Grote Markt gehou word ("maan" verwys na die bynaam vir die Mecheleners, naamlik die "Maneblussers") en die Parkpop in die Stedelike Kruidtuin is kulturele aktiwiteite wat groot getalle jonger besoekers trek (SPAM, 1996). Ander feesdae wat in Mechelen as kulturele aktiwiteite gevier word, is die Hanswijkprocessie voor Hemelvaart, die Open Monumentendag (2de Sondag in September), die Festival van Vlaanderen (Augustus-Oktober) en die 21 Julieviering met 'n Avondfeest. Deel van hierdie



kulturele aktiwiteite is die straatmarkte wat jaarliks gehou word, soos die Feestmarkt (Mei) en die Avondmarkt (Julie/Augustus).

Uit voorafgaande blyk dit dat Mechelen 'n verskeidenheid boukundige besienswaardighede asook kulturele aktiwiteite het om aan die toeris te bied. Alhoewel hierdie kulturele toerisme-produkte bestaan, is dit nodig om ondersoek in te stel na die potensiaal van die verskillende attraksies, aangesien die aantreklikheid van besienswaardighede vir die toeris, nie altyd dieselfde is nie. Twee faktore wat 'n invloed het op die toerisme-potensiaal van historiese geboue, is die morfologiese ligging en die huidige funksie van die gebou.

### **3.3 Die toerisme-potensiaal van historiese geboue**

As gevolg van die groot aantal historiese geboue is aanvaar dat boukundige erfgoed die belangrikste kultuurtoerisme-produk in Mechelen is. Daar is egter eienskappe en/of spesiale omstandighede wat daartoe bydra dat sekere geboue meer toerisme-potensiaal het as ander. Om die toerisme-potensiaal van historiese geboue te bepaal, moet twee dimensies in ag geneem word, naamlik die morfologiese ligging van die geboue binne die stad en die geboue se huidige funksies.

Die *morfologiese struktuur* van die historiese geboue verwys na die verspreiding van die historiese geboue in die stad. Die hipotese wat gestel word, is dat 'n bepaalde historiese gebou aantrekliker is vir 'n toeris wanneer dit in die nabyheid van ander historiese geboue is. Geboue wat gegroepeer voorkom, sal hiervolgens 'n hoër toerisme-aantreklikheidspotensiaal hê as alleenstaande geboue wat verspreid geleë is. Die beginsel van groepering van geboue onderlê groter toerisme-satisfaksie en maak dit moontlik vir die toeris om soveel attraksies as moontlik in 'n kort tydperk te besoek. Die tweede dimensie is gebaseer op die *funksies van historiese geboue en die funksionele samestelling van die stad*. Hier is die huidige benutting van die historiese geboue en die aantreklikheid van die verskillende funksies belangrik vir die toeris. Die uitgangspunt is byvoorbeeld dat 'n historiese gebou wat ook as 'n museum dien, meer aantreklik vir toeriste sal wees as 'n gebou met 'n woningfunksie omdat toeriste nie toegang tot woonhuise het nie. Die geboue wat ontoeganklik is vir toeriste, het wel 'n dekoratiewe funksie en dra by tot die atmosfeer van die stad, maar

in terme van funksies wat toeriste lok, is hierdie geboue se potensiaal laag.

Een aspek van stedelike toerisme-produkte wat na vore kom, is die *toeganklikheid* van die historiese geboue. Toeganklikheid kan òf verwys na die afstand wat 'n toeris moet aflê om geboue te besoek, òf die toeganklikheid ("oopenheid") van die onderskeie geboue self, of in terme van hul funksie. By die bepaling van die morfologiese potensiaal van die historiese geboue in hierdie studie word daar gelet op toeganklikheid in terme van die nabyheid aan en die bereikbaarheid vanaf die merkgeboue. Vir bepaling van die funksionaliteitspotensiaal word die huidige funksie van geboue, asook die aantreklikheid van spesifieke funksies vir toeriste, in ag geneem.

Met behulp van GIS/TRANSCAD is die historiese geboue gegroepeer. Soos in Afdeling 2.2 verduidelik, is die beeldbepalers as uitgangspunt gebruik. Hierdie merkgeboue (of beeldbepalers) word beskou as die draers van die kognitiewe beeld wat 'n toeris voor 'n besoek aan die stad het. Daar word aanvaar dat hierdie geboue dié sal wees wat vir 'n toeris sal "uitstaan", en dus eerste besoek sal word. In Mechelen is 27 merkgeboue geïdentifiseer. Tabel 5 lys hierdie geboue en groepeer hulle volgens die merkwaardes wat hulle verdien het op grond van hul voorkomingsfrekwensie in die vier geraadpleegde toerismebrosjures. Van die geïdentifiseerde merkgeboue het vyf 'n merkwaarde behaal van 5, agt 'n waarde van 3, vier 'n waarde van 2 en tien 'n waarde van 1.

Figuur 10 dui die ligging van al die merkgeboue aan. Die identifikasiekode wat in Tabel 5 aan elke gebou toegeken is, word in die figuur gebruik om die onderskeie geboue te identifiseer.

**Tabel 5 Merkgeboue in Mechelen se binnestad**


Identifikasie- kode	Merkgeboue en merkwaarde
	<i>Geboue met merkwaarde 4</i>
1	Stadshuis
2	Kerk van Onse Liewe Vrouwe-Over-de-Dijlekerk
3	Sint-Janskerk
4	Hof van Buselyden (Stedelike Museum)
5	Paleis van Magareta van Oostenryk (Geregshof)
	<i>Geboue met merkwaarde 3</i>
6	Brusselpoort
7	Schepenhuis
8	Sint-Romboutskatedraal
9	Klokmuseum
10	Koninklijke Manufactuur van Wardtapijten de Wit
11	Kerk van Sint-Peter en Sint-Paulus
12	Sint-Romboutstoring
13	Grote Markt
	<i>Geboue met merkwaarde 2</i>
14	Zoutwerf
15	Hawerwerf
16	Groot Begijnhof
17	Refuge van de Abdij van Sint-Truiden
	<i>Geboue met merkwaarde 1</i>
18	Argeologiese Museum
19	Grootbrug
20	Ijzerenleen
21	Sint-Katelijnekerk
22	Huis "de Beyaert"
23	Heilige Geestkapel
24	Aartsbisscoppelijke Paleis
25	Joods Museum van Deportasie en Verset
26	Paleis van Magareta van York (Stadskouburg)
27	Stedelike Kruidtuin

*Bronne:* Toerisme Vlaanderen (1996)

Lannoo en Touring Club (1994)

VTB-VAB, KB en Lannoo (1995)

Michelin (1996)



**Figuur 10 Ligging van merkgeboue in die Ring van Mechelen**


Die bepaling van die toerisme-potensiaal van historiese geboue in die binnestad van Mechelen, word in drie stappe gedoen. Eerstens word die morfologiese potensiaal van die geboue bepaal en tweedens die funksionele potensiaal. In die derde stap word hierdie twee waardes gekombineer om 'n indekswaarde te bereken vir elke gebou en 'n finale tipologie vir toerisme-potensiaal saam te stel.

### 3.3.1 Morfologiese ligging van historiese geboue


Die morfologie van die historiese geboue verwys na die verspreiding van hierdie geboue in die stad. Volgens die werkhipotese het geboue wat gegroepeer voorkom, 'n groter potensiaal vir toerisme-ontwikkeling as geboue wat geïsoleerd voorkom. Groeperings van historiese geboue het 'n groter aantreklikheid vir toeriste omdat dit

beteken dat toeriste relatief baie besienswaardighede in 'n kort tydjie kan besigtig. Die historiese geboue wat rondom die 27 geïdentifiseerde merkgeboue voorkom, is binne 100m-, 200m-, 300m-, 400m- en 500 meter-afstandsones gekarteer om 'n beeld te verkry van die verspreiding en groeperings daarvan (Figuur 11). Volgens die werkhipotese blyk dit dat hoe nader 'n historiese gebou geleë is aan die merkgeboue, hoe groter is die gebou se toerisme-potensiaal. 'n Gebou in die eerste 100 meter vanaf 'n merkgebou het 'n beter kans om besoek te word deur 'n toeris wat die merkgeboue kom besigtig, as 'n gebou 500 meter daarvandaan. Hierdie groeperings is afsonderlik gedoen rondom geboue met merkwaardes 4, 3, 2 en 1. Die waarde van die onderskeie merkgeboue het ook 'n invloed op die potensiaal van die historiese geboue in hul nabyheid. Merkgeboue met 'n waarde van 4 word in meer brosjures genoem omdat dit 'n belangrike besienswaardigheid is, dit sal dus 'n groter bydrae lewer in die vorming van die kognitiewe beeld van die stad as byvoorbeeld 'n gebou met 'n waarde van 1. Toeriste sal meer geneig wees om hierdie geboue te besoek, wat weer aan die geboue rondom hierdie merkgeboue 'n hoër toerisme-potensiaal gee. Wanneer hierdie groeperings gekarteer word, is die verbreiding van die geboue rondom die merkers duidelik sigbaar. In Figuur 11 word die groeperings rondom geboue met merkwaardes van onderskeidelik 4, 3, 2 en 1 aangetoon. Tabel 5 en Figuur 10 kan geraadpleeg word om merkers wat omring word deur groeperings, te identifiseer.

Hierdie groeperingsoefening is uitgevoer om te bepaal watter geboue hoë toerisme-potensiaal het. Historiese geboue wat nie geleë is in enige 500 meter sone rondom enige merkgebou nie, word buite rekening gelaat in verdere berekeninge omdat sodanige geboue se potensiaal te laag is. Die potensiaal van alle ingeslote geboue wissel omdat dit bepaal word deur hul afstand vanaf die merkgeboue en die waarde van die betrokke merkgeboue. Om die potensiaal van die individuele historiese geboue te bereken, is die prosedure gevolg soos uiteengesit in Afdeling 2.2. Die resultaat van die verwerkings is 'n indeks waarvolgens die onderskeie geboue se potensiaal afgelei kan word - 'n indeks wat morfologiese toerisme-potensiaal tussen 1 (laag) en 6 (hoog) aandui. Wanneer hierdie resultate gekarteer word, kan bepaal word waar die gebiede met groter potensiaal vir toerisme-ontwikkeling is na aanleiding van geboue se ligging ten opsigte van merkgeboue. Figuur 12 vertoon die gekarteerde morfologiese potensiaal-indekse.




**Figuur 11** Groeperings van historiese geboue in 100m-sones rondom merkgeboue



**Figuur 12** Morfologiese potensiaal van historiese geboue in Mechelen

Volgens Figuur 12 het die gebied rondom die Sint-Peter- en Sint-Pauluskerk die hoogste morfologiese potensiaal. Ander areas met hoë potensiaal is die gebiede rondom die Groot Brug, die Grote Markt, Hof van Busleyden en Groot Begijnhof. As asse getrek word om die patroon skematies voor te stel, skep dit die patroon soos uitgebeeld in Figuur 13.



**Figuur 13 Skematiese voorstelling van gebougroeperings volgens morfologiese potensiaal van individuele historiese geboue**

Volgens Figuur 13 kan vyf definitiewe groeperings van historiese geboue met 'n hoë potensiaal vir toerisme-ontwikkeling onderskei word soos afgelei uit Figuur 12. Vier van hierdie groeperings kom aan die noord-oostekant van die Dijlerivier voor en die vyfde rondom die Groot Brug tussen die noord-ooste- en die suid-westekant.

In Figuur 12 kom daar duidelike groeperings van historiese geboue voor. Die toerisme-potensiaal van historiese geboue word verhoog deur die waarde van die merkgeboue in hul nabyheid asook deur die aanwesigheid van ander historiese geboue. Hierdie areas met 'n hoë konsentrasie van historiese geboue kan dus volgens die werkhipotese wat vroeër gestel is, geïdentifiseer word as gebiede met hoë toerisme-potensiaal.



### 3.3.2 Funksionaliteit van geboue

Die funksionaliteit van historiese geboue verwys na die huidige benutting van die geboue. Sekere funksies het 'n groter aantreklikheid vir toeriste as ander. Volgens Jansen-Verbeke (1994) het geboue met 'n *kernfunksie* die grootste aantreklikheid vir toeriste. Dit is geboue wat gebruik word as museums, kerke en teaters, en die vermoë besit om toeriste te trek. Om hierdie rede is heelwat kernelemente ook merkgeboue. *Sekondêre elemente* soos restaurante, winkels en hotelle is egter ook belangrik omdat dit kernelemente ondersteun deur die toeriste te motiveer om langer te bly, hul besoek meer aangenaam maak en die geleenthede skep vir plaaslike ondernemings om baat te vind by toeriste wat geld spandeer (Jansen-Verbeke, 1994).

Geboue wat geen aktiewe toerisme-funksie het nie, soos byvoorbeeld woonhuise en kantore, het nie die potensiaal om op hul eie toeriste te trek nie. Alhoewel toeriste nie hierdie geboue kan "gebruik" soos in die geval van 'n historiese gebou wat 'n museum of restaurant huisves nie, kan die geboue wel van buite af besigtig word. Op hierdie manier dra dit by tot die atmosfeer van die stad, en dien as agtergronddekor ter verryking van die toeriste-ervaring.


Dit is moeiliker om onbenutte geboue in 'n bepaalde kategorie ten opsigte van toeriste-aantreklikheid te plaas. Tans bied hierdie geboue weinig aan die toeris, maar het wel potensiaal vir herbenutting. In Mechelen is 17% van die historiese geboue onbenut. Dit is 'n beduidende persentasie, veral as daar gekyk word na die persentasie geboue in Mechelen se toerisme-aanbod, wat 'n kern- en sekondêre funksie het. In die binnestad is 19%, amper 'n vyfde, van geboue in die 500 meter-sones rondom merkgeboue onbenut en leegstaande. Dit is die sones wat volgens die hipotese die meeste deur toeriste besoek sal word. Die onbenutte geboue in hierdie sones het dus die potensiaal om so ontwikkel te word dat hulle 'n toerisme-ondersteunende funksie het. As gevolg van die moontlikhede van herbenutting, word geredeneer dat onbenutte geboue 'n groter potensiaal inhou vir toerisme-ontwikkeling as geboue met 'n dekoratiewe funksie. Die huidige onbenutte geboue kan byvoorbeeld herbenut word as restaurante of gastehuise of selfs ontwikkel word in 'n kernprodukt. Die funksies van die historiese geboue is in Tabel 6 geklassifiseer. In Figuur 14 is 'n sirkeldiagram gebruik om 'n beeld te gee van die

persentasieverteenwoordiging van die onderskeie funksies.

**Tabel 6 Funksiekategorieë van historiese geboue in Mechelen**

Funksie van historiese geboue	Voorbeelde
• Primêre produkte (Kernelemente)	Museums, kerke, teaters
• Sekondêre produkte * Horeca # * Winkels	Hotelle, restaurante, cafés Kleinhandel
• Ondersteunende funksie	Toeriste-informasie, reisburo
• Geen toerisme-funksie * Openbare funksie * Ander funksie as toerisme * Onbenutte geboue	Skole, poskantoor Wonings, kantore Onbenutte geboue

Nota: # Horeca is 'n saamgestelde woord vir Hotelle, Restaurante en Café's



**Figuur 14 Funksionele samestelling van alle historiese geboue in die Ring van Mechelen**


Volgens Figuur 14 het bykans die helfte van die historiese geboue 'n woningfunksie. Daar is twee verklarings hiervoor. Eerstens is Mechelen bekend as 'n rustige woonstad, waar behuising bekostigbaar is. Die tweede rede spruit uit die eerste:

vanweë die relatief goedkoop verblyf word baie immigrante (veral uit Noord-Afrika) na die binnestad gelok (Vandesande, 1998).

Die 17% onbenutte historiese geboue is opvallend, maar nie onverwags nie. Die meeste van die historiese geboue in Mechelen is in privaat besit en die eienaars het nie altyd die middele om die geboue te laat opknop of in stand te hou nie, veral in gebiede waar daar baie immigrante is. Dit het tot gevolg dat die geboue se toestand agteruitgaan en mettertyd verval en onbenut gelaat word. Dit gebeur ook dat spekulante beskermdes geboue vir 'n belegging koop en dit dan vir 'n tyd lank onbenut laat staan, totdat geld bewillig word uit die spesiale staatsfonds vir die opknapping en instandhouding van beskermdes geboue. Sodra die geboue met behulp van hierdie fondse opgeknop is, word dit dan teen 'n wins verkoop. Die feit dat Mechelen in die beginfase van sy toerisme-ontwikkeling is, kan ook as verklaring dien vir hierdie relatief hoë persentasie onbenutte, vervalde geboue in die binnestad (Vandesande, 1998).

Die feit dat kernfunksies slegs 2% beloop, dui weer eens daarop dat Mechelen se toerisme-ontwikkeling nog in die beginstadium is. Winkel- en Horeca-funksies, wat saam die ondersteunende elemente aan die kernfunksies is, beloop saam 22%. Dié persentasie dui daarop dat toerisme-ondersteuning wel 'n motivering vir ontwikkeling van hierdie funksies is.


Om te bepaal wat die potensiaal van die individuele historiese geboue vir toerisme-ontwikkeling sal wees, moet daar nie net na die huidige funksies van die geboue gekyk word nie, maar ook na die aantreklikheid en belangrikheid van die onderskeie funksies vir toeriste. Soos vroeër verduidelik (Afdeling 2.2), is die funksies ingedeel in vier breë kategorieë volgens hulle aantreklikheid vir toeriste en dus hul potensiaal om toeriste te trek. Hierdie kategorieë is geboue met kernfunksies, geboue met sekondêre funksies, onbenutte geboue en geboue met 'n dekor-funksie. Figuur 15 bied 'n grafiese voorstelling van die samestelling van die historiese geboue volgens hierdie sleutelkategorieë.



**Figuur 15** Funksionele samestelling van historiese geboue in Mechelen volgens kategorieë van toeriste-aantreklikheid


Ongeveer 60% van Mechelen se historiese geboue in die binnestad het 'n dekoratiewe funksie terwyl 17% onbenut is. Drie uit elke vier van die geboue het dus 'n passiewe toerisme-funksie. Hierdie hoë proporsie bevestig die vroeëre siening en waarneming dat Mechelen 'n woningstad is en dat daar nog min aandag aan toerisme-ontwikkeling van die binnestad se historiese geboue gegee is.

Soos vroeër verduidelik (Afdeling 2.2), is waardes toegeken aan historiese geboue op grond van die aantreklikheid van die geboue se funksies vir toeriste. Hierdie waardes strek van 4 (hoog) tot 1 (laag). In Figuur 16 is die resultate van hierdie funksionele analise gekarteer. Die kaart wys die verspreiding van geboue met verskillende grade van funksionele potensiaal. Anders as in die geval van die morfologiese analise, is daar nie duidelik herkenbare areas waar geboue met hoë potensiaal gegroepeer is nie, maar eerder asse waarlangs geboue met hoë funksionele potensiaal verspreid voorkom. Hierdie asse volg egter dieselfde patroon as die verbindingsasse tussen groeperings van geboue met 'n hoë morfologiese potensiaal (kyk Figuur 19). Dit lyk asof sekondêre funksies voorkom langs asse (strate) wat areas met 'n hoë morfologiese potensiaal verbind. Geboufunksies wat as sekondêre funksie geklassifiseer word, is winkels, restaurante, cafés en hotelle en



**Figuur 16** Funksionele potensiaal van historiese geboue in Mechelen

ander ondersteunende funksies soos reisagentskappe en toerisme-buro's. Die samestelling van hierdie kategorieë word persentasiegewys in Figuur 17 uitgebeeld.




**Figuur 17 Funksiesamestelling van geboue in Mechelen met 'n sekondêre funksie**

Die feit dat 59% van die geboue met 'n sekondêre funksie winkels en 38% Horeca is, dui daarop dat toerisme nie die eerste prioriteit vir ondersteuning is nie. Indien dit was, sou daar verwag word dat die persentasie Horeca aansienlik hoër sou wees. Aangesien Mechelen hoofsaaklik 'n woningstad is, kan aangeneem word dat die grootste persentasie winkels die plaaslike behoefte ondersteun.

Die verspreiding van hierdie funksies stem ooreen met Mechelen se geïdentifiseerde hoof winkelstrate, naamlik Bafferstraat, Katelijnestraat, Ijzerenleen, Bruulstraat, O.L.Vrouwestraat, Graaf van Egmontstraat, Hoogstraat en Keizerstraat (SPAM, 1996). Figuur 18 dui die ligging van hierdie strate aan. Die verspreiding van sekondêre funksies langs hierdie strate kan daaraan toegeskryf word dat die strate oor jare in winkelstrate ontwikkel het omdat dit die hoofweë is wat vanaf die Grote Markt (die middel van die stad) uitstraal na die Ringpoorte wat toegang tot die stad verleen (Figuur 18). Volgens Law (1993) het die meeste Europese binnestede hul belangrikheid as inkoopentrum behou. Mettertyd het sekere strate in die binnestad

as winkelstrate ontwikkel en so gebly.



**Figuur 18** Ligging van Mechelen se winkelstrate

Wanneer die verspreiding van die merkgeboue vergelyk word met hierdie patroon, blyk dit dat winkelstrate as verbindingsasse in baie gevalle verskillende merkgeboue of gebiede met hoë morfologiese potensiaal met mekaar verbind. Só word Groot Begijnhof met die verspreiding van geboue langs Katelijnestraat, Hof van Busleyden met die verspreiding van geboue langs Keizerstraat, Veemarkt met die verspreiding van geboue langs Befferstraat en Korentmarkt met die verspreiding van geboue langs Ijzerenleen met die Grote Markt verbind. Vanaf die Korentmarkt is daar weer verbindingsasse wat dié area verbind met Onse Liewe Vrouwekerk langs Onse Liewe Vrouwestraat, die Hawerwerf langs Adegemstraat en Brusselpoort langs Hoopstraat (Figuur 18). Sekondêre funksies langs hierdie strate het as toerisme-

ondersteunende funksies ontwikkel, omdat dit die roetes is wat toeriste volg wanneer hulle die besienswaardighede wat gekonsentreer is in areas met hoë morfologiese potensiaal, besoek. Om inkopies te doen, is 'n belangrike deel van toeriste se aktiwiteite, veral die koop van geskenke en aandenkings (Law, 1993). Die toeris benodig ook kos en versnaperinge. Winkels en restaurante wat langs hierdie verbindingsasse voorkom, bevredig hierdie behoeftes.

Geboue met 'n hoë morfologiese potensiaal het nie noodwendig ook 'n hoë funksionele potensiaal nie. 'n Pragtige historiese huis wat bewoon word en binne die 500m-sone rondom 'n merkgebou voorkom, is mooi om na te kyk, maar beteken in terme van funksionaliteit nie veel vir die toeris nie. Net so is daar geboue met 'n hoë funksionele waarde vir die toeris, byvoorbeeld 'n museum, wat op grond van sy afstand vanaf ander attraksies minder aantreklik gemaak word. Die toerisme-ontwikkelingspotensiaal van verskillende geboukonsentrasie-gebiede verskil dus op grond van die spesifieke area se morfologiese én funksionele potensiale.

Om aan individuele geboue 'n potensiaalwaarde wat albei dimensies insluit te kan toeken, is dit nodig om die twee afsonderlike indekswaardes vir morfologiese en funksionele potensiaal te kombineer. Dit is gedoen deur 'n finale saamgestelde indeks te bereken.


### 3.3.3 Saamgestelde indeks van toerisme-potensiaal

Deur na die potensiaal van die historiese geboue in terme van morfologiese ligging en funksionaliteit afsonderlik te kyk, kan heelwat afleidings gemaak word. As daar na Figure 12 en 16 gekyk word, blyk daar 'n verwantskap te bestaan tussen die morfologiese en funksionele dimensies. Die verwantskap kom na vore as die funksies van die historiese geboue in die verskillende 100 meter-sones rondom die merkgeboue bestudeer word (Figuur 19).

Die afleidings uit Figuur 19 ondersteun die aanname dat sekere funksies op sekere plekke sal voorkom ter ondersteuning van ander, meer aantreklike funksies. In diagramme a,b,c en d in Figuur 19 kan gesien word dat sekondêre funksies, soos winkels, restaurante en kafés, wat die kernelemente ondersteun, nader gegroepeer is



aan die merkgeboue en dat geboue met minder aantreklike funksies, soos woonhuise en onbenutte geboue, verder weg daarvandaan voorkom.



**Figuur 19 Funksies van historiese geboue in Mechelen in die 100m-sones rondom merkgeboue**

Die persentasievoorkomstes uitgebeeld in Figuur 19, word in Tabel 7 weergegee.

**Tabel 7 Verdeling van historiese geboufunksies binne die Ring van Mechelen binne die verskillende 100m-sones**

	<b>100m- sone</b>	<b>200m- sone</b>	<b>300m- sone</b>	<b>400m- sone</b>	<b>500m- sone</b>
Woningfunksie	32%	40%	37%	43%	44%
Winkelfunksie	17%	20%	13%	13%	12%
Onbenutte geboue	13%	16%	23%	21%	19%
Horeca	16%	12%	12%	7%	10%
Kantoorfunksie	10%	6%	9%	10%	9%
Openbare funksie	5%	4%	4%	3%	3%
Kernelemente	5%	1%	2%	1%	2%
Ondersteunend	1%	1%	-	1%	-
Ongespesifiseerd	1%	-	-	1%	1%

Uit Tabel 7 blyk dit dat groter proporsies van sekere funksies nader aan merkgeboue voorkom en ander verder weg. Winkelfunksies maak onderskeidelik 17% en 20% van die historiese geboufunksies in die 100m- en 200m-sones uit, terwyl dit na 12% in die 500m-sone afneem. Die Horeca-funksie daal van 16% in die 100m-sone na 10% in die 500m-sone. Die hoër persentasies in die 100m en 200m-sones is in beide die geval van winkelfunksies en Horeca-funksies vermag aangesien hierdie funksies nader aan kernelemente sal voorkom ter ondersteuning van hierdie primêre funksies. Die 5% by die kernelement-funksie is ook hoër as die 1% en 2% in die ander sones verder weg van die merkers. Dit kan verklaar word deur die feit dat historiese geboue neig om gegroepeerd voor te kom en die ontwikkeling van kernfunksies daarom ook gekonsentreerd plaasvind. Die persentasie voorkoms by woningfunksies neem toe na mate wegbeweeg word van die merkgeboue af: slegs 32% in die 100m-sone teenoor die 44% in die 500m-sone. Hierdie verskynsel is die gevolg daarvan dat baie ou huise binne die sones naaste aan die kernelemente dikwels in ander funksies soos


winkels en restaurante omskep word. Die feit dat die verskil tussen die persentasie wonings in die 100m- en die 500m-sones nie baie verskil nie kan toegeskryf word aan Mechelen se status as woningstad. Die afname in voorkoms soos weg beweeg word vanaf die 100m-sone geld ook vir die persentasies by onbenutte geboue: 13% in die 100m-sone en 19% in die 500m-sone. Die rede hiervoor is dat meer onbenutte geboue binne groeperings van historiese geboue wat vir toeriste doeleindes ontwikkel is herbenut word as funksies ondersteunend aan kernelemente. Die persentasie is 23% in die 300m-sone. Hierdie sone is waarskynlik 'n buffersone tussen die kern van die groepering waar toerisme-ontwikkeling op sy beste is en die laaste sones waar geboue meer 'n woningfunksie het.

Alhoewel daar nie groot persentasieverskille binne funksie-kategorieë voorkom nie, kan tog waargeneem word dat sekere funksies geneig is om rondom merkers voor te kom om ondersteuning daaraan te verleen. Hierdie klein persentasieverskille kan moontlik daaraan toegeskryf word dat Mechelen se toerisme-ontwikkeling nog in 'n beginstadium is en dat van die merkgeboue onbenut en ontoeganklik is. Omdat hul volle toeriste-aantreklikheid dus nog nie ontwikkel is nie, bring dit mee dat ondersteunende funksies nie regverdig word nie.

Volgens Pearce (1987) (in Law 1993) is dit verstaanbaar dat kleinhandelfunksies naby hooftoeriste-attraksies sal voorkom. In studies wat gedoen is oor die gedrag van toeriste, het dit geblyk dat, alhoewel die hoofdoel van besoeke nie inkopies was nie, 'n groot deel van hul tyd en geld hieraan bestee word (Law, 1993). Daar kan dus afgelei word dat die ligging van historiese geboue ten opsigte van merkgeboue 'n bepalende invloed kan hê op die funksies van die historiese geboue. Die funksie van 'n gebou kan weer die aantreklikheid van bepaalde toerisme-attraksies in sy nabyheid verhoog.

In die finale saamgestelde indeks word die morfologiese en funksionele indekse wat in die vorige twee afdelings bereken is, saamgevoeg sodat 'n potensiaalwaarde vir elke historiese gebou verkry word volgens die gebou se ligging ten opsigte van die merkgeboue asook die huidige funksie van die gebou. Hierdie saamgestelde gebou-indekswaardes word in Figuur 20 gekarteer. Net soos in Figure 12 en 16 kan daar ook in Figuur 20 gesien word hoe geboue met 'n hoë potensiaalwaarde langs sekere

asse voorkom en in sekere areas saamgroepeer. Hieruit kan afgelei word dat daar reeds 'n mate van toerisme-ontwikkeling in sekere areas moes plaasvind en dat ondersteunende funksies in en tussen hierdie areas gegroepeer het. Die geboue met 'n potensiaalwaarde van 5 het 'n hoër potensiaal vir toerisme-ontwikkeling as gevolg van die geboue se nabyheid aan (of waarde van) merkgeboue asook hul aantreklikheidswaarde vir toeriste. Met bostaande analises is gepoog om gebiede wat die potensiaal het vir toerisme-ontwikkeling, te identifiseer. Die gebiede wat volgens die finale saamgestelde indeks uitstaan as moontlike teikengebiede vir toerisme-ontwikkeling, stem ooreen met die gebiede in Figure 12 en 16, Groot Begijnhof, die area rondom Hof van Busleyden, die area rondom die Sint-Peter en Sint-Pauluskerk, die Grote Markt en rondom die Groot Brug. Hierdie areas word duidelik verbind met verspreidings van geboue met 'n toerisme-potensiaalwaarde van tussen 4 en 2. Hierdie "asse" kan gebruik word om die toeris te begelei van een groepering van besienswaardighede na 'n ander. So 'n verbindingsas tussen twee groeperings van historiese geboue verhoog die ontwikkelingspotensiaal van albei die areas. Net so kan die ontwikkelingspotensiaal verlaag word as daar nie so 'n as bestaan nie. Brusselpoort se toerisme-ontwikkelingspotensiaal neem byvoorbeeld af as gevolg van die swak verbinding van hierdie besienswaardigheid met ander toerisme-attraksies (Figuur 12). Bestaande verbindingsasse of potensiele verbindingsasse is nog 'n faktor wat in berekening gebring kan word wanneer teikengebiede vir toerisme-ontwikkeling bepaal word. Hierdie aaneengeskakelde voorkoms van geboue met toerisme-potensiaal, soos gesien in Figuur 20, maak dit duidelik dat Mechelen die toerisme-produkte het om verder te ontwikkel.




**Figuur 20** Finale potensiaal-indeks van historiese geboue in Mechelen

Uit die analises het dit ook geblyk dat in die berekening van die saamgestelde indeks waarde, 'n gebou se funksionele en morfologiese potensiaalwaardes mekaar wedersyds beïnvloed. So kan geboue met 'n hoë morfologiese en lae funksionele potensiaal 'n gemiddelde finale indeks waarde hê. Sekondêre funksies is egter belangrik ter ondersteuning van kernelemente en toeriste-behoeftes. Indien daar 'n groepering van historiese geboue bestaan met hoë morfologiese potensiaal, maar met 'n lae funksionele potensiaal, is dit noodsaaklik dat daar enersyds gekyk moet word na moontlike herbenutting van onbenutte geboue in daardie gebied wat as ondersteunende funksies kan dien, of andersyds, na die teenwoordigheid van nie-historiese geboue wat moontlik kan voorsien in die behoefte na sekondêre funksies.

### **3.4 Die potensiaal van Mechelen as 'n kultuurtoerisme-bestemming**

Mechelen se fisiese ligging in Vlaandere, soos aangedui in Figuur 21, maak dit vir die toeris moontlik om die stad maklik via spoor en pad te bereik. 'n Verdere liggingsvoordeel is Mechelen se ligging tussen twee van België se hoof toerisme-bestemmings, naamlik Antwerpen en Brussel (kyk inlas in Figuur 21). Alhoewel Mechelen beswaarlik met enigeen van hierdie stede kan meeding as toerismebestemming, kan dit wel voordeel trek uit die groot getalle toeriste wat tussen dié twee stede langs Mechelen verbybeweeg.



**Figuur 21 Mechelen se toeganklikheid ten opsigte van pad- en spoorvervoer.**

**Inlas: Mechelen se posisie ten opsigte van buurstede in Vlaandere**

Die volgende moet gevra word: Wat bied Mechelen die toeris sodat hy/sy sal wil aandoen om tyd en geld in dié stad te bestee? Om hierdie vraag te beantwoord, moet gekyk word na wat Mechelen potensieel vir die toeris kan bied aangesien die stad se toerisme-ontwikkeling nog in die beginstadium is.

Mechelen se glansryke verlede het heelwat hoogtepunte gehad wat behoue gebly het in historiese geboue, feesgeleenthede, kulturele aktiwiteite en staaltjies uit die verlede. Mechelen se vroeëre status as die Belgiese hoofstad van Nederland word

weerspieël deur verskeie historiese geboue, soos die Paleise van Margareta van Oostenryk en Margareta van York, wat die prag en praal van vervloë eras uitbeeld. Hierdie hoofstadbeeld kan volgens Vandesande (1998) baie suksesvol gebruik word in die bemarking van Mechelen as toerisme-bestemming.

As Mechelen se kulturele aanbod nagevors word, is dit duidelik uit die hoeveelheid en verskeidenheid attraksies (Afdeling 3.2), dat dié stad heelwat het om die toeris te bied. Hierdie kulturele aanbod, hoofsaaklik in die vorm van boukundige erfgoed, kom verspreid voor in die binnestad in uitkenbare areas soos aangetoon in Afdeling 3.3. Omdat besienswaardighede gekonsentreerd in hierdie areas voorkom, is dit meer toeganklik vir die toeris in terme van afstand tussen toerisme-aantreklikhede.

Mechelen se godsdienstige verlede het potensiaal om as toerismeproduk ontwikkel te word. Die nege kerke, paar kapelle, ou kloostergeboue, abdye en die huidige setel hier van die aartsbisdom Mechelen-Brussel sorg vir 'n konsentrasie van godsdienstige besienswaardighede in die binnestad wat nou verweef is met die stad se geskiedenis. Omdat die kerke en ander godsdienstige geboue redelik eweredig verspreid in die binnestad voorkom (Figuur 6), skep dit byvoorbeeld die potensiaal, vir die ontwikkeling van 'n wandelroete. Langs so 'n roete kan besoek gebring word aan al die godsdienstige geboue, terwyl die toeriste deur winkelstrate en ander aktiwiteitsentra gelei word. Die klokkespelkonserte wat elke Maandagaand in die Sint-Romboutstoring gehou word, is deel van die stad se kulturele aktiwiteite. Die Sint-Romboutstoring is een van die imposantste kerktorings in België met sy twee stelle klokke van 49 klokke elk. Daarbenewens is die oudste klokkespelinstituut in Mechelen gevestig. Die belangrike rol wat Mechelen in die klokkespelkuns gelewer het, en steeds lewer, het die potensiaal om 'n belangrike toeriste-produk te word.

Die elf museums in die binnestad van Mechelen, wat verskillende fasette van Mechelen se geskiedenis uitbeeld, bevat ook die potensiaal om as kultuurtoerisme-produk bemark te word. Die museums is oor die binnestad versprei (Figuur 8) en 'n museumwandeling deur die stad kan toeriste 'n dag lank besig hou, terwyl hulle besoek meer aangenaam gemaak word deur winkelstrate wat die toeris lei tussen gebiede waar besienswaardighede gekonsentreer is. Hierdie strate kan deel uitmaak van hierdie roete, juis omdat die strate van die areas waar museumattraksies



voorkom, met mekaar "verbind" .

Nuwe kultuur- en toerisme-beleide speel 'n belangrike rol in die uitbouing van die toerisme-potensiaal van Mechelen. Die verbetering van die stadsbeeld deur opknapping van historiese en bewaarde geboue en die sluit van sekere winkelstrate vir verkeer, verhoog ook die aantreklikheid van die stad vir toeriste. Pogings word ook aangewend om die stad meer toeganklik te maak deur toegangspoorte (Figuur 18) aantrekliker te maak deur voldoende parkeerareas by poorte te voorsien en die strate wat die poorte met die binnestadkern verbind, te verfraai. So byvoorbeeld word ontwikkelings beplan rondom Ijzerenleen, die Korentmarkt en langs Hoogstraat om Brusselpoort op die Ring met die binnestad te verbind (Figuur 18).

Dit blyk dus dat Mechelen genoeg kultuur-historiese besienswaardighede en kulturele aktiwiteite het om vir die toeris as produk aan te bied. Tesame met 'n aktiewe toerisme-ontwikkelingsbeleid het dié stad die potensiaal om tot 'n kultuur-toerisme-bestemming te ontwikkel.

Daar is egter verskeie faktore wat die ontwikkeling van Mechelen se toerisme-potensiaal strem. 'n Tekort aan finansies is die belangrikste struikelblok. Dit het tot gevolg dat ontwikkelings ter bevordering van toerisme soms nie kan plaasvind nie. Tans is die verbetering van die stad vir die inwoners - in terme van opgradering van behuising, verligting van donker strate en die skep van gebruikersvriendelike inkoopstrate - eerste op die prioriteitslys en is toerisme-ontwikkelings tweede op die lys. Daar word egter gepoog om die inwoners sowel as toeriste in ag te neem wanneer stedelike ontwikkelings en verbeterings plaasvind. Verbeterings aan inkoopstrate maak byvoorbeeld nie net dié strate meer gebruikersvriendelik vir inwoners vir hul alledaagse inkope nie, maar skep ook 'n aangenamer stadsatmosfeer vir toeriste (Cuyvers, 1998).

Tweedens, werk die swak verbindings tussen areas met hoë toerismetrekkrag negatief op die toerisme-potensiaal in. Toeriste wat die stad besoek, besoek een of twee van die kerne wat naby mekaar geleë is, maar as gevolg van die swak verbindings is daar nie 'n insentief om verder te beweeg na ander besienswaardighede nie. Daar is in baie gevalle nie "iets" wat die toeris lei na die

volgende besienswaardigheid nie. Die Brusselpoort se toerisme-potensiaal word byvoorbeeld verlaag deur 'n swak verbinding met ander areas in die nabyheid wat hoë toerisme-potensiaal bevat.

'n Derde struikelblok is 'n gebrek aan hotelle, restaurante en kafés. Die meeste restaurante maak voorsiening vir die plaaslike mark en daar is geen restaurante wat 'n groot groep toeriste kan hanteer nie. Groot toeristegroepe het ook probleme as dit by hotelbehuising kom. Die sewe hotelle het 'n gesamentlike kapasiteit van 298 beddens en nie een kan 'n groot groep toeriste alleen hanteer nie. Die afwesigheid van 'n jeugherberg maak goedkoop verblyf onbekombaar. Omdat daar 'n tekort aan verblyf bestaan, verminder dit die moontlikheid vir oornagtoerisme en daarom ook die hoeveelheid geld wat toeriste tydens besoeke in die stad bestee. Die tydsduur van besoeke word ook hierdeur verkort (Vandesande, 1998).

Alhoewel die struikelblokke bestaan, het Mechelen tog die potensiaal om die toeris 'n kulturele produk te bied. Die uitbouing en ontwikkeling van hierdie produk verg egter insette wat ekonomies regverdig moet word. Die ontwikkeling van Mechelen as 'n toeriste-sentrum moet dus tot voordeel van die stad en sy inwoners wees. Uit die literatuur blyk stedelike hernuwing 'n belangrike voordeel van kulturele toerisme te wees (McKechnie, 1998).

#### 4. KULTURELE TOERISME - 'N INSTRUMENT VIR STEDELIKE HERNUWING

Daar word toenemend in toerisme-literatuur gefokus op die rol van toerisme in stedelike hernuwing. Vervolgens word daar in hierdie afdeling gekyk na toerisme as 'n hefboom vir die stedelike ekonomie en die rol van kulturele toerisme in Mechelen se stadseconomie.

##### 4.1 Toerisme as hefboom vir die stedelike ekonomie

Stede regoor die wêreld is in 'n stryd om ekonomiese herlewing en daarom het toerisme, in kombinasie met attraksie-, rekreasie- en vermaaklikheidskomplekse, 'n kritieke komponent in stedelike ontwikkelingstrategieë geword (Haywood, 1997).

Stadsowerhede beklemtoon die belangrikheid van toerisme vir die plaaslike ekonomie en die bydrae wat toerisme lewer tot die plaaslike inkomste en werkskepping (Van der Borg, Costa & Gotti, 1996).

Ontwikkelings ter bevordering van toerisme hou egter ook voordele in vir die plaaslike gemeenskap. Beleggings in toerisme behels die skep en verbetering van fasiliteite, aktiwiteite, fisiese omgewing en infrastruktuur (Law 1993). Alhoewel dit gedoen word ter wille van toerisme, skep hierdie verbeterings 'n aangename stadsatmosfeer en voel inwoners dat dit 'n aantreklike en vooruitstrewende stad is om in te woon. Die hernuwing van bepaalde vervalde gebiede, met die oog op toerisme, sal die gevolg hê dat mense uit hoër inkomstegroepe na die eens vervalde gebiede van die stad gelok word. Die omskakeling van vervalde buurtes na veilige en gesogte woonareas help met die opbou van die beeld van die stad (Vandesande, 1998).

Toerisme kan 'n belangrike ekonomiese inspuiting vir 'n stad wees. Die geld wat deur toeriste by stedelike fasiliteite, soos museums en parke, bestee word, maak hierdie fasiliteite meer ekonomies geregverdig en strek tot voordeel van die plaaslike gemeenskap. Die ontwikkeling van fasiliteite, die heropbou van die stad en die toename aan besoekersgetalle het tot gevolg dat die inwoners trots word op hul stad wat op sy beurt lei tot groter belangstelling in en versorging van die algemene stadsomgewing. Hierdie betrokkenheid van inwoners kan die stad in 'n aantreklike stad vir inwoners en toeriste laat verander. Geld wat deur toeriste in die kleinhandelsektor bestee word, is 'n belangrike ekonomiese inset vir die stad. Toerisme-ontwikkeling binne 'n stad kan bydra tot die skep van beleggingsgeleenthede vir ontwikkelaars en spekulante (Van desande, 1998).

As die potensiaal van stedelike toerisme bestudeer word, kan begryp word hoekom talle stede die moontlikhede van toerisme-ontwikkeling as hefboom vir die stedelike ekonomie ondersoek (Law, 1992). Toerisme is 'n sleutel-instrument in talle stedelike hernuwingsprojekte, en dit speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van byvoorbeeld stedelike waterfronte, die opgradering van kulturele aktiwiteite, die bewaring van historiese erfenis en die herbeplanning van stedelike inkopie-gebiede (Ashworth & Tunbridge, 1990; Jansen-Verbeke, 1996; Jansen-Verbeke, 1997; Jansen-Verbeke & Van de Wiel, 1995).

In die ontwikkeling van stedelike toerisme is kulturele toerisme 'n fokuspunt in heelparty van die stedelike toerisme-strategieë. Die ontwikkeling van toerisme-produkte wat gebaseer word op historiese en kulturele hulpbronne, is 'n strategiese opsie vir stede in hul soeke na nuwe ekonomiese aktiwiteite (Verbeke, 1996). Die term kulturele toerisme word grootliks geassosieer met 'n groep toeriste wat 'n hoë inkomste en hoë opvoedingspeil het, en bereid is om 'n reis te herhaal (Richards, 1996). Die ontwikkeling van kulturele toerisme word dus beskou as 'n effektiewe manier om toeriste met 'n hoë koopkrag te teiken.

In stede word die ouer buurte meestal in die binnestad aangetref. Die historiese ontstaanskern van stede val gewoonlik saam met hierdie buurte. Hierdie ouer buurte het dus 'n unieke verbintenis met die verlede en is 'n fisiese uitdrukking van sosiale en kulturele tradisies wat oor tyd ontwikkel het en aan die stad en samelewing betekenis en karakter gee. Hier is dus gewoonlik 'n hoë konsentrasie van historiese geboue waarin die kultuurerfenis van die stad vasgevang is. Die rol wat hierdie erfenis tans in die samelewing kan speel, word al hoe meer ondersoek (Steinberg, 1996).

Gentz (1993) (in Page, 1995) verwys na die toerisme-besigheidsdistrik, en onderskei tussen verskillende sones wat interaksie met mekaar het. Hierdie sones is die kern-atraksies (soos erfenis, kultuur en aktiwiteite), essensiële dienste (soos winkels, restaurante, akkommodasie en vervoer) en die sentrale sakekern (soos kleinhandel, kantore en plaaslike regering). Gentz wys verder daarop dat die toerisme-element nou verweef is met die res van die stedelike funksies. Hy is van mening dat toerisme slegs as deel van hierdie interaksie gebruik kan word as 'n metode om die ekonomie te stimuleer. Die voordele wat deur toerisme genereer word, kan op hierdie wyse deurvloei na alle stedelike funksies, en kan die inwoners van die stad baat vind by toerisme binne die stad.

Die onduidelike grense tussen kulturele en ekonomiese aktiwiteite beteken dat kulturele toerisme toenemend verband hou met werkseleenthede en inkomste, en minder klem lê op die uitdra en behoud van kultuur (Richards & Bonnink, 1994). Die klem op die ekonomiese voordeel wat kulturele toerisme vir 'n stad kan inhou, begin

al meer die sosiale voordele, soos versterking van 'n samelewing se kulturele identiteit, oorskadu. Tog is daar 'n noue verband tussen die sosiale en ekonomiese aspekte en vul die een die ander aan. Die ontwikkeling van die kultuurtoerismepotensiaal van 'n stad hou dus direkte en indirekte voordele vir die stadseconomie in.

Mechelen is 'n stad met 'n potensiaal vir die ontwikkeling van kulturele toerisme, maar het egter sekere eienskappe wat sy aantreklikheid vir die toeris sowel as die inwoner verlaag. Soos vroeër genoem, is die stadsowerheid van Mechelen tans besig met ontwikkelings om die stad meer vriendelik en aantreklik vir die inwoners te maak. In die proses word die stad ook meer aantreklik vir toeriste. Hierdie verbeterings aan die stad moet egter befonds word, en kulturele toerisme kan geleenthede skep vir die generering van hierdie fondse.

#### **4.2 Die rol van kulturele toerisme in Mechelen se stadseconomie**

Mechelen se stadseconomie het herlewing nodig. Dit is 'n stad met heelwat arm en vervalde woonbuurtes in die binnestad. Ten spyte van die aangename woonatmosfeer, slaag die stad nie daarin om mense uit hoër inkomstegroepe na die binnestad te trek nie. Die lae koopkrag van mense uit die arm woonbuurtes het talle implikasies vir die instandhouding van stedelike funksies soos kulturele aktiwiteite en openbare rekreasie-fasiliteite asook vir die instandhouding van die fisiese stedelike omgewing. Dit het 'n kettingreaksie van agteruitgang en verwaarlosing tot gevolg. Mechelen se stadsbeeld ly onder hierdie vervallenheid, en fondse vir hernuwingsprojekte is beperk (Vandesande, 1998).

Kulturele toerisme blyk 'n gunstige metode te wees om die stedelike ekonomie te verbeter (Jansen-Verbeke, 1996; Law, 1993). Mechelen se potensiaal vir die ontwikkeling van kulturele-toerisme is reeds aangetoon (Afdeling 3.4). As die bron, naamlik die toeriste-koopkrag, reg gekanaliseer word, kan dit die basis word vir 'n suksesvolle en volhoubare manier om stedelike hernuwing binne die Ring van Mechelen te implementeer. Die ideaal van stedelike hernuwingsprojekte wat gebaseer is op toerisme, is dat die inwoners van die stad ook baat kan vind by die ekonomiese voordele wat hieruit mag spruit (Jansen-Verbeke, 1998).

Tans dra kulturele toerisme nie grootliks by tot Mechelen se stadseconomie nie (Cuyvers, 1998). Tot onlangs is daar nie veel aandag gegee aan die ontwikkeling van attraksies wat spesifiek toerisme-georiënteerd is nie. Dit verklaar die aantal potensiële kernprodukte soos kerke en museums wat glad nie of swak toeganklik is vir toeriste. Die toerisme-beleid het ook nie klem gelê op die bemerking van Mechelen as kultuurtoerisme-bestemming nie. Alhoewel daar in 'n opname deur Mechelen se stadsowerheid bevind is dat die meeste besoekers dié stad om kulturele redes besoek (SPAM, 1996), is daar geen doelbewuste planne of aksies om meer besoekers deur bemerking te trek nie. Die waarde van Mechelen se kultuurerfenis word egter toenemend deur die stadsowerheid besef – op sosiale én ekonomiese gebied (Boogaartes & Jansen-Verbeke, 1997). In Mechelen staan sommige van die potensiële toeriste-aantreklikhede in 'n verwaarloosde en ontoeganklike toestand. Hierdie minder aantreklike stadsbeeld maak dit moeilik om toeriste te trek. Daarbenewens ervaar die binnestad ook ander probleme wat toeristegetalle beperk, waarvan die grootste die volgende is:

- die tekort aan akkommodasie vir groot groepe toeriste;
- die tekort aan ondersteunende fasiliteite soos restaurante en winkels;
- die verlate strate na tien-uur saans;
- die swak openbare beligting;
- die woonbuurtes wat snags onveilig is;
- die beperkte fondse spesifiek beskikbaar vir toerisme-ontwikkeling; en
- die vervalte en onbenutte historiese geboue wat 'n indruk van verwaarloosing skep (Vandesande, 1998).

Vir Mechelen om meer aantreklik vir toeriste te wees, moet daar aandag aan hierdie aspekte gegee word. Dit veronderstel egter die beskikbaarheid van fondse. Die ideaal is om die stadsbeeld te bevorder sodat dit nie net vir toeriste meer aantreklik is nie, maar ook vir voornemende inwoners uit die hoër inkomsteklasse.

Kulturele toerisme-ontwikkeling kan 'n belangrike rol in Mechelen se stadseconomie speel en die invloed daarvan kan verhoog word deur die stadsbeeld te verbeter. Sodra meer toeriste die stad besoek, sal meer inkomste gegenereer word en kan hierdie fondse aangewend word vir die ontwikkeling van spesifieke attraksies, byvoorbeeld leegstaande en vervalte kerke. Beperkte fondse maak dit noodsaaklik


om alle ontwikkeling optimaal te laat geskied. Deur beleggings te maak in gebiede waar toerisme-potensiaal hoër is, byvoorbeeld in areas met 'n hoë morfologiese en funksionele potensiaal, kan beter resultate met minder investering verkry word. Sulke gebiede sal byvoorbeeld dié wees wat in Afdeling 3.3.3 geïdentifiseer is. Deur kulturele aktiwiteite beter te bemark, kan meer besoekers getrek word. Die klokkespelkonserte wat elke Maandagaand plaasvind, is byvoorbeeld deur beter bemarking omskep in 'n aantreklikheid wat weekliks talle mense trek.

Die resultate van hierdie studie wys daarop dat die sekondêre funksies in Mechelen langs bepaalde strate verbrei is (Figuur 18). Van hierdie strate "verbind" verskillende gebiede wat geïdentifiseer is as gebiede met 'n hoër toerisme-potensiaal. Indien die toerisme-potensiaal van sulke gebiede (soos geïdentifiseer in Figuur 20), ontwikkel word, sal die strate wat hierdie gebied "verbind" ook voordeel trek uit hoër toeristegetalle. Op hierdie wyse kan finansiële gewin, gegenereer uit toerisme, tot voordeel van die algemene stadseconomie van Mechelen strek.

#### **4.3 'n Toekomsblik op kulturele toerisme in Mechelen**

In die stad Mechelen sal heelwat verbeterings moet plaasvind om die stad nie net meer aantreklik vir toeriste te maak nie, maar ook vir inwoners. Daar is egter reeds met ontwikkelings begin en nog ander is in die beplanningsfase. Verbetering van die algemene stadsbeeld is op die oomblik die hoogste prioriteit. Mechelen se stadsowerheid gee aandag aan verskeie aspekte, naamlik die skep van groen areas in die binnestad; hulle koop en restoreer historiese geboue in erg vervalle gebiede, byvoorbeeld rondom die Korentmarkt, en ontwikkel dit in gerieflike en interessante inkoopstrate; en hulle maak aanpassings in die Ring en by die Sentrale Stasie van Mechelen om toegang tot die binnestad makliker en geriefliker te maak. Ook word 'n nuwe behuisingsprojek, wat gemik sal wees op die hoër inkomsteklasse, beplan. Hierdie ontwikkeling sal plaasvind in een van die oudste dele van die stad, die historiese ontstaanskern rondom die Korentmarkt (Figuur 16), waar onbenutte en verwaarloosde historiese geboue gekonsentreerd voorkom. Van hierdie geboue sal dan as deel van die projek nuwe lewe gegee word (Cuyvers, 1998).

Daarbenewens is daar projekte aan die gang, of in beplanning, wat daarop gemik is om die toeriste-aantrekkingskrag van die stad te verhoog. Hierdie toekomstige ontwikkelings word in Figuur 22 aangedui. Een hiervan is die ontwikkeling van 'n museum-as. Die as sal strek vanaf Brusselpoort tot Hof van Busleyden met die Schepenhuis in die middel (Cuyvers, 1998).



**Figuur 22 Beplande ontwikkelings in die Ring van Mechelen**

Die strate wat hierdie besienswaardighede verbind, sal só omskep word dat dit toeriste langs die as sal lei, asook 'n aangename inkoopatmosfeer vir inwoners sal skep. Restorasie aan die Grote Brug, wat ook op die as lê, is in 1999 begin. Daar word ook beplan om die kelders onder Ijzerenleen, tussen die Grote Brug en die Grote Markt, te omskep in 'n toeriste-aantreklikheid wat sal help om toeriste langs die as te lei. Beide Brusselpoort en Schepenhuis is museums wat van nuuts af ontwikkel word omdat albei tans onbenut is. Ook word daar kleiner investerings gedoen om kerke soos die Begijnhofkerk, Sint-Katelijnekerk, Sint-Romboutskatedraal en die Sint-



Peter en Sint-Pauluskerk op te knap. Hierdie kerke sal oopgestel word vir besoek deur die publiek (slegs die Sint-Romboutskatedraal is op die oomblik op 'n gereelde basis toeganklik). Beleggings is ook gemaak in Groot en Klein Begijnhof en die Veemarkt. Die Veemarkt is belangrik omdat dit vanaf Nekkerspoelstasie een van die toegangspoorte na die stad is. Aangesien die Speelgoedmuseum ('n belangrike toeriste-besienswaardigheid net buite die Ring) digby dié stasie geleë is, is dit dikwels dié stasie waarlangs toeriste Mechelen binnekom (Cuyvers, 1998).

Daar is 'n wedersydse ondersteuning tussen ontwikkelings wat daarop gemik is om die stadsbeeld te verbeter en dié wat daarop gemik is om die toeriste-aanbod te verhoog. Die ontwikkeling van 'n handelsgebied, waar drie van Mechelen se winkelstrate, naamlik Ijzerenleen, O.L.Vrouwestraat en Bruulstraat in 'n driehoekige gebied verbind word, is 'n voorbeeld van hierdie ondersteuning. Die strate in hierdie gebied bied 'n aangename en gerieflike inkoop- en stadsatmosfeer vir inwoners, en aangesien die strate die Sentrale Stasie, Brusselpoort en die Grote Markt as punte van die driehoek verbind, sal dit ook toeriste vanaf die stasie na ander besienswaardighede binne die driehoekige gebied lei (Figuur 22). 'n Ander ontwikkeling is dié van 'n onbenutte historiese industriële gebou wat vroeër die La Mot-brouery gehuisves het. Hierdie gebou gaan omskep word in 'n kultuursentrum wat 'n musiekteater en ander kulturele aktiwiteite sal huisves. Dit sal digby die beplande behuisingsontwikkeling rondom die Korentmarkt geleë wees (Cuyvers, 1998).

Wanneer gekyk word na die beplande ontwikkeling van 'n museum-as en 'n kultuursentrum, blyk dit dat die ontwikkeling van die kulturele toerisme-aanbod 'n belangrike rol speel in stedelike hernuwingsprojekte in Mechelen. Alhoewel kulturele toerisme in Mechelen heel waarskynlik nie in dieselfde mate ontwikkel en bemark sal kan word soos byvoorbeeld in Brugge nie, kan dit 'n aandeel hê in die skep van 'n aangename en interessante stadsomgewing vir inwoners om in te woon én toeriste om te besoek.

Uit die voorafgaande blyk dit dat kulturele toerisme 'n invloed kan hê op 'n stad se ekonomie. Mechelen besit kulturele produkte wat in toeriste-aantreklikhede ontwikkel kan word. Dit blyk uit die beoogde toeriste-ontwikkeling dat die stadsowerhede van

Mechelen die rol wat kulturele toerisme in Mechelen se stadseconomie kan speel, beseft en wil benut.

## 5. SLOT

Die doel van hierdie studie was om ondersoek in te stel na die kultuurtoerismepotensiaal van Mechelen, België, en na die rol van kulturele toerisme in stedelike hernuwing.

### 5.1 Samevatting en gevolgtrekkings

Die eerste doelwit was om die erfenisprodukte van Mechelen te identifiseer. Mechelen se kultuurtoerisme-produkte is ondersoek en in Afdeling 3.2 georganiseer volgens Munsters (1996) se tipologie vir kulturele toerisme-hulpbronne in België. Monumente of boukundige erfgoed blyk die belangrikste draers van kultuurerfenis in Mechelen te wees. Ander kultuurtoerisme-produkte wat volgens hierdie tipologie geïdentifiseer is, is museums, kultuur-historiese roetes en kulturele aktiwiteite. Doelwit twee, naamlik die vaslegging van Mechelen se erfenisprodukte in 'n GIS, is bereik deurdat die liggings van al die historiese geboue in 'n GIS-databasis opgeneem is. 'n Totaal van 1169 historiese geboue met beskrywende inligting van elke gebou is in die databasis ingevoer.

Die derde doelwit was om ruimtelike analises op die data in die GIS-databasis uit te voer. Hierdie analises is gedoen met behulp van die GIS-programme TransCad en ArcView. Die eerste analise was met betrekking tot die morfologiese aantreklikheid of potensiaal van die historiese geboue in Mechelen. Merkgeboue in toerisme-brosjures is geïdentifiseer en waardes is toegeken aan historiese geboue op grond van hul nabyheid aan hierdie merkgeboue. Uit hierdie analise het groeperings van historiese geboue na vore gekom. Volgens die hipotese gestel in Afdeling 3.3.1, het historiese geboue wat gegroepeerd voorkom 'n hoër toerismepotensiaal as alleenstaande geboue. Groeperings wat in Mechelen geïdentifiseer is as areas met 'n hoë toerismepotensiaal is die areas rondom die Sint Peter en Sint Pauluskerk, Hof van Busleyden, Groot Begijnhof, die Grote Markt en die Groot Brug (Figure 12 en 13).

Die tweede analise het ten doel gehad om die toerismepotensiaal van die historiese geboue te ondersoek op grond van die aantreklikheid van hul huidige funksie vir toeriste. Waardes op grond van die aantreklikheid van die onderskeie funksies is aan elke gebou toegeken (volgens Tabel 2 in Afdeling 2.2). Uit die resultaat van hierdie analise het dit geblyk dat historiese geboue met aantrekliker toerisme-funksies soos kernelemente en toerisme-ondersteunende funksies soos restaurante en winkels nader aan merkgeboue geleë is, terwyl minder aantreklike funksies soos woonhuise verder weg voorkom. Groeperings van geboue met hoër toeriste-aantreklike funksies blyk ook ooreen te stem met die groeperings van historiese geboue met 'n hoë morfologiese potensiaal. Deur afleidings te maak uit die gekarteerde resultate van hierdie analise het dit geblyk dat geboue met aantrekliker funksies ook verspreid voorkom langs die strate wat die groeperings van geboue met 'n hoë morfologiese potensiaal verbind.

In 'n derde analise is 'n saamgestelde indeks waarde vir elke gebou bepaal. In hierdie berekening is die morfologiese indeks waarde en die funksionele indeks waarde wat vir elke gebou bereken is, saamgevoeg in 'n finale potensiaal-waarde vir die individuele historiese geboue. Albei waardes dra by tot die potensiaal waarde van die gebou en kan mekaar wedersyds beïnvloed. Gevolgtrekkings gemaak uit die gekarteerde resultate (Figuur 20) het 'n soortgelyke patroon van verspreiding van potensiaalwaardes voorgekom as by die kartering van die morfologiese en funksionele geboupotensiaal. Die areas van hoë toerismepotensiaal wat met hierdie analyses geïdentifiseer het, is die groepering rondom die Sint-Peter en Sint-Pauluskerk, Hof van Busleyden, Groot- en Klein Begijnhof, die Grote Markt, die Groot Brug en Onse Liewe Vroue-Over-de-Dijlekerk.

Die gevolgtrekking wat uit die analyses gemaak is, is dat Mechelen op grond van die kultuur-erfenisprodukte wel die potensiaal het vir die ontwikkeling van kultuurtoerisme. Die groeperings wat uit die analyses na vore gekom het, is areas met hoë toerisme-ontwikkelingspotensiaal. Die eenderse patrone van verspreiding wat in die kartering van geboue met 'n hoë morfologiese en hoë funksionele potensiaal na vore gekom het, maak dit maklik om gebiede te identifiseer met hoë potensiaal vir toerisme-ontwikkelings. Deur gebiede te teiken waar 'n toerisme-infrastruktuur in terme van toerisme-produkte en ondersteunende funksies reeds teenwoordig is, kan

ontwikkeling optimaal geskied. Mechelen is in dié gunstige posisie dat hierdie areas maklik identifiseerbaar is en dat asse waarmee hierdie areas “verbind” kan word (Figuur 15), ooreenstem met die stad se hoof winkelstrate (Figuur 18). Deur hierdie winkelstrate te ontwikkel en aantreklik te maak vir toeriste kan die potensiaal van die areas met ‘n hoë toerismepotensiaal verder verhoog word.

Die vierde doelwit was om te kyk na die rol van erfenis-toerisme in Mechelen se stadseconomie. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat kulturele en erfenis-toerisme tans nie grootliks bydra tot die ekonomie van Mechelen nie. Die potensiaal van Mechelen as kultuur-toerismebestemming is egter bevestig en so ook die voordele wat die ontwikkeling van kultuur-toerismehulpbronne vir die stad se ekonomie kan hê. Alhoewel Mechelen se toerisme-ontwikkelinge nog in die beginstadium is, is daar tog projekte aan die gang, of in die beplanningsfase, wat die kultuur-historiese hulpbronne gaan uitbrei tot produkte wat aan toeriste bemark kan word (Afdeling 4.3). Deur kultuur-toerismeprodukte te ontwikkel en te bemark, kan Mechelen se stadseconomie voordeel trek uit kulturele toerisme wat sorg vir ekonomiese opbloei van baie stede regoor die wêreld.

## **5.2 Navorsingsuitdagings vir die toekoms – Suid-Afrika as fokus**

Kultuurtoerisme is een van die rigtings in toerismestudies wat die laaste paar jaar baie aandag geniet het. In die laaste vyf jaar word daar egter al meer klem gelê op die potensiaal van kulturele en erfenistoerisme om ‘n rol te speel in stedelike hernuwing.

In Suid-Afrika is daar ‘n leemte wat betref empiriese navorsing ten opsigte van toerisme en spesifiek kulturele toerisme. Ondersoeke na kultuurtoerisme in die Suid-Afrikaanse konteks bied dus ‘n uitdaging vir verdere navorsing. Die ekonomiese voordele wat toerisme-ontwikkeling vir ‘n land kan inhou, blyk duidelik uit die literatuur. Navorsing is egter nodig om die toerisme-aanbod (spesifiek die kultuurtoerismehulpbronne) te bepaal, asook die vraagkant te ondersoek. Die uitdagings vir verdere navorsing ten opsigte van kulturele toerisme in Suid-Afrika wat voortspruit uit hierdie studie, is die volgende:

- Die opstel van ‘n tipologie van kultuurtoerismehulpbronne in Suid-Afrika.

- Die opneem van kultuurtoerismehulpbronne en potensiële hulpbronne in 'n GIS-databasis om ruimtelike analyses te kan doen.
- Die doen van morfologiese en funksionele analyses binne spesifieke stede in Suid-Afrika om areas met hoë toerisme-potensiaal te identifiseer.
- 'n Ondersoek na die rol wat die ontwikkeling van kulturele toerisme in stedelike hernuwing in Suid-Afrika speel en kan speel.

Kulturele toerisme bied dus heelwat uitdagings en geleenthede vir navorsing. Die feit dat dit 'n wêreldwye groei-industrie is met ekonomiese, sosiale en omgewingsimpakte op verskeie vlakke, maak dit 'n dinamiese gebied om te ontgin én te ontwikkel.

## 6. BRONNELYS

Ashworth, G J & Tunbridge, J E. 1990. *The touristic historic city*. Belhaven: Londen.

Boogaartes, I & Jansen-Verbeke, M. 1997. *Cultuurtoerisme in Vlaamse steden: Stedelijke revitalisatie en draagkracht – Een verkenning van het cultuurtoerisme beleid in acht Vlaamse steden*. ISEG –KU Leuven i.s.m SESO-UFSIA.

Broadway, M J. 1997. Urban tourism development in the modern canadian city: A review. In *Quality management in urban tourism*, Murphy, P E (red). John Wiley & Sons: West Sussex.

Coccosis, H & Mexa, A. 1995. Tourism and the conservation of heritage: The medieval town of Rhodes. In *Planning for our cultural heritage*, Coccosis, H & Nijkamp, P (reds). Avebury: Aldershot.

College van Burgemeester en Schepenen. 1997. *Stad Mechelen: Infogids 1997*. Stadshuis: Mechelen.

Dienst voor Toerisme. 1996. *Streek: V.V.V Heerlijkheid Mechlen*. Dienst voor Toerisme: Mechelen.

Jansen-Verbeke, M. 1986. Inner city tourism: Resources, tourists, promoters. *Annals of Tourism Research* **13**, 79 – 100.

Jansen-Verbeke, M. 1992. Managing tourism in historic cities. Referaat gelewer by die International Seminar, Krakow. June 27 – June 1.

Jansen-Verbeke, M. 1994. Planning for a broader Europe. *AESOP Congress proceedings (Vol. 1)*, Istanboel, Turkye. Yildiz Technical University.

Jansen-Verbeke, M. 1996. Stad Antwerpen: Cultural actualiteit en manifestaties nieuwe uitdagingen voor stedelijk toerisme – synergie tussen cultuur en toerisme een

actuele marketing uitdaging. Studiedag Antwerpen: Cultuur en Toerisme , 23 Augustus 1996.

Jansen-Verbeke, M. 1997. Urban tourism : managing resources and visitors. In *Tourism, development and growth*, Wahab S & Pigram J (reds). Routledge: Londen.

Jansen-Verbeke, M 1998. Urban tourism. In *Encyclopedia of tourism* . (Nog nie verskyn nie).

Jansen-Verbeke, M & Van de Wiel, E. 1995. Tourism planning in urban revitalization projects: Lessons from the Amsterdam Waterfront Development. In *Tourism and spatial transformations: Implications for policy an planning*, Ashworth, G J & Dietvorst, A. (reds). CAB International: Wallingford.

Hall, C M. 1997. The politics of heritage tourism: Place, power and the representation of values in the urban context. In *Quality management in urban tourism*, Murphy, P E (red). John Wiley & Sons: West Sussex.

Haywood, K M. 1997. Creating Value for Visitors to Urban Destinations. In *Quality management in urban tourism*, Murphy, P E (red). John Wiley & Sons: West Sussex

Law, C. 1992. Urban tourism and its contribution to economic regeneration. *Urban Studies* **29** (3/4) 599-618.

Law, C M. 1993. *Urban tourism: Attracting visitors to large cities*. Mansell: Londen.

Lievois E. 1997. De toeristiese funksie van historiese geboue in die stad Leuven: Een ruimtelike analise. Instituut voor Sosiale en Ekonomiese Geografie, Katholieke Universiteit Leuven: Leuven.

MacCannell, D. 1976. *The tourist: A new theory of the leisure class*. Macmillan: Londen.

- McKechnie, J. J. 1998. Historiese erfenis as 'n nuwe toerismeproduk : 'n Literatuuroorsig. Meestersliteratuuropstel, Departement Geografie en Omgewingstudie, Universiteit van Stellenbosch : Stellenbosch.
- McManus, R. 1997. Heritage and tourism in Ireland – an unholy alliance? *Irish Geography* **30**(2) , 90 – 98.
- Munsters, W. 1996. Cultural tourism in Belgium. In *Cultural tourism in Europe*, G Richards (red). CAB International: Den Haag.
- Page, S J. 1995. *Urban tourism*. Routledge: Londen.
- Richards, G. 1993. Developments in European cultural tourism. *Developments in European Cultural Tourism* **5**(3/4) , 366 – 376.
- Richards, G. 1996. The scope and significance of cultural tourism. In *Cultural Tourism in Europe* Richards, S (red). CAB International: Wallingford.
- Richards, G. & C Bonnink. 1994. Marketing cultural tourism in Europe. *Journal of Vacation Marketing* **1**(2) , 173 – 180.
- Shaw, G & Williams, A M. 1994. *Critical issues in tourism: A geographical perspective*. Blackwell: Oxford.
- SPAM (Strategische Plan Arrondissement Mechelen). 1996. *Mechelen, hoofstad van de Bourgondische Nederlanden. Strategisch Plan Arrondissement Mechelen – Deelplan toerisme Mechelen/Sint-Katelijne-Waver*. Toerisme Federatie Provincie Antwerpen: Antwerpen.
- Steinberg, F. 1996. Conservation and rehabilitation of urban heritage in developing countries. *Habitat International* **20**(3) , 463 – 475.



Van den Borg, J., Costa, P. & Gotti, G. 1996. Tourism in European heritage cities. *Annals of Tourism Research* **23**(92) , 306-321.

Van Uyten, R. 1991. *De Geschiedenis van Mechelen: Van Heerlijkheid tot Stadsgewest*. Uitgeverij Lannoo: Brussel.

Waitt, G & McGuirk, P M. 1997. Marketing time: Tourism and heritage representation at Millers Point, Sydney. *Australian Geographer* **27**(1) , 11 – 29.

### ***Persoonlike onderhoude***

Cuyvers, R. 1998. *Ruimtelijke Ordening Mechelen*, Mechelen

Vandesande, R. 1998. *Navorser*, Mechelen

### ***Toerismebrosjures***

Lannoo en Touring Club. 1994. *Grote Geïllustreerde Gids: België*. G.H. Luxemburg: Tielt.

Michelin. 1996. *Toeristische Gids: België – Luxemburg*. Clermont-Ferrand: Brussel.

Toerisme Vlaanderen. 1996. *Vlaanderen Vakantieland*. Toerisme Vlaanderen: Brussel.

VTB-VAB, KB en Lannoo. 1995. *Gids voor Vlaanderen – Toeristische en culturele gids van de Vlaamse gemeenten*. Toerisme Vlaanderen: Tielt.